



Jaargang 15 no. 9
September 2006

Tema: Heilige Gees

- **Nuwe Testamentiese gawe van die Gees ook vir ons? 2**
- **Word vervul met die Gees (I) 4**
- **Gereformeerd teenoor Charismaties 6**
- Habakuk - lewe vir die een wat glo 8
- Lesersopname: groot waardering, maar belangrike uitdagings . . 9
- Ore kry oë terwyl ek luister 14
- Om hulle in hierdie leer te onderrig en te laat onderrig 15
- Reaksie: "Dooplidmate in fokus bydie nagmaalsviering 17
- Sinode 2006 van die Free Reformed Churches van Australië 18

MEER VAN ... WAT?

Dié van u wat die kerklike pers vanuit ons susterkerke in Nederland volg, sal dadelik begryp wat ek bedoel met die titel van hierdie artikel. Die versugting na 'n meer van die Gees' het naamlik 'n soort *sjibbolet* geword vir die begeerte na 'n Geestelike herlewing binne die tradisionele gereformeerde kerke. Ook in ons kerke hoor 'n mens soms hierdie versugting; immers, ons lidmate (in besonder die jongmense) kom ook in aanraking met Pinkstergroepe en die charismatiese beweging, hulle is nie blind vir die aantrekkingskrag wat daar van hierdie groepe uitgaan nie.

Soos so baie ander dinge in die lewe, is hierdie verlanse op sigself geen probleem nie. Die vraag is egter wel: waar vind ons bevrediging van hierdie verlanse? Hoe reageer ons op hierdie verlanse? En hier skei die weë dikwels. Baie volg die weg van die beleving, tongetaal en gebedsgenesing in een van vele Pinkstergroepe wat maar al te graag in hierdie behoefte voorsien. Ander, wat nie die radikale stap wil neem om die kerk van geboorte te verlaat nie, soek 'n gemeente waarin daar meer aandag vir die werk van die Heilige Gees is. En nog ander bly vir die res van hul lewe sit met 'n onvervulde verlanse.

Maar wat is die Skriftuurlike antwoord op hierdie verlanse? Hoe moet ons binne die VGK op hierdie verlanse reageer? Kom ons luister na wat die Skrif ons leer.

Jesus noem Homself in Johannes 14:6 "die weg en die waarheid en die lewe" – om gered te kan word het ons dus niks anders nodig nie as om in Jesus Christus te glo! Maar wat is dan die taak van die Heilige Gees? Kom voeg die Gees iets ekstra toe aan die werk

van Christus? Nee, toe Christus na die hemel opgevaar het, het die Gees juis gekom om as *Woordvoerder* van die Here Jesus op te tree. Jesus sê immers in Johannes 16:14: "Hy (dit is die Gees) sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig."

Die Gees kom dus nie met 'n nuwe boodskap nie. Nee, die Gees se boodskap het Hy van Christus gekry; sy boodskap is Christus se boodskap. Hy kom bied Christus vir ons aan! Soos ons doopsformulier dit so pragtig stel: "... Hy maak tot ons eiendom wat ons in Christus het." Die Gees soek nie aandag vir Homself nie, Hy werp nie die kollig op Homself nie. Telkens weer vat Hy die kollig van die Woord en rig dit op Christus! Telkens weer beitel die Gees dit op ons harte deur die verkondiging van die evangelie: Christus, Christus, Christus!

'n Verlanse na meer van die Gees los van Jesus Christus is dus 'n onhoudbare teenstelling. Ons kan nie Christus wegdruk ten gunste van die Gees nie, want die Gees self doen juis presies die teenoorgestelde – Hy syfer Homself weg ten gunste van Jesus Christus. Hy is daarop uit om Christus te verheerlik!

Maar hoe doen die Gees dit? Wat is die instrument wat Hy daarby gebruik? Die verkondiging van die Woord (sien hierby ook v/a 65 en 67 van die Kategismus). Immers, Christus is die Woord (Joh. 1, 1 Joh. 1:1-4). Dus, wanneer die Woord verkondig word, word Christus verkondig, en dit is wat die Gees wil hê. Dit is sy taak, sy doel! Wanneer die Woord verkondig word, dan is die Gees in oorfloed aanwesig; die prediking op Sondag is die spitsuur

NUWE TESTAMENTIESE GAWE VAN DIE GEES OOK VIR ONS?

Ds. Charles Nicholson

TEMA: HEILIGE GEES

Die beloftes van Joël, Johannes en Jesus is vervul. Op Pinksterdag het die kerk van Jesus Christus die Heilige Gees ontvang as gawe van die “laaste dae” (Hand. 2:17). Almal wat in Jesus Christus as hulle enigste en ware verlosser glo, is met “die Gees van Christus” gedoop.

Genadewerk

Dit is belangrik om van die begin af te weet waarom die Vader en die Seun die Heilige Gees gestuur het.

Die Heilige Gees moes die werk van Christus kom voortsit. Die genadewerk wat God die Vader in en deur Jesus Christus vir ons as sondaars gedoen het, moet vir ons en in ons tot `n werklikheid gemaak word.

Dit is hier waar die Heilige Gees al die dae van Christus in ons lewe bevestig en daarom is die gawe van die Gees vandag nog net so belangrik soos in die verlede.

(Vervolg vanaf bls 1)

van die Heilige Gees. Slegs dan vind ons ‘meer van die Gees’, wanneer Christus verkondig word!

En presies hier lê dan ook ons taak binne die VGK: ons moet daarop toesien dat Christus elke Sondag trou verkondig word, u moet die bedienaar van die *Woord*(!) forseer om “niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde” (1 Kor. 2:2). Ons hoef nie die hemel te bestorm om meer van die Gees te ontvang nie; nee, *naby jou is die woord*, in jou mond en in jou hart (Rom. 10:6-8). Binne Christus se kerk het ons nie die taak gekry om aan mekaar meer van die Gees te gee nie; nee, aan ons word eenvoudig opgedra: verkondig Jesus Christus. En dan ontvang ons die stortvloed van die Heilige Gees!

Ds Erik van Alten

Die voortsetting van Christus se verlossingswerk in ons lewens geskied deur die genadegawes (Grieks: *charisma* in die enkelvoud, *charismata* in die meervoud). Die grondbetekenis van die woord beteken “geskenk”.

`n Geskenk word gegee, gratis, onverdiend, sonder meriete, iets wat voorkom vanuit God se genade en wat nooit verkry of bereik kan word deur menslike pogings nie.

God se genade (Grieks: *charis*) is die oorsprong van al die genadegawes (*charismata*). In Rom. 12:6 word die genadegawes spesifiek aan die genade verbind: “En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is.”

Maar die genadegawes is nooit daar ter wille van onself of `n bepaalde individu nie. Die Gees gee die gawes sodat die gelowiges toegerus kan word vir hulle dienswerk in die kerk en die gawes is ook vir die opbouing van die liggaam van Christus; dit is die kerk (Ef. 4:12).

Om die werk van die Gees verder toe te lig, sou ons kon onderskei tussen *gemeenskaplike* en *individuele* gawes.

Gemeenskaplike gawes

Die gemeenskaplike gawes het betrekking op almal wat deel is van die liggaam van Christus (die gelowiges). Hier dink ons veral daaraan dat die Gees die bewerk van die nuwe lewe is, asook die heiligmaking van die gelowiges. Ons lees in Joh. 3:3-8 dat dit die Gees is wat die wedergeboorte bewerk, want daarsonder kan niemand die koninkryk van God binnegaan nie. Alle gelowiges moet dus die gawe van die wedergeboorte ontvang.

Die Heilige Gees maak dit voorts vir ons moontlik om Jesus as Here te erken en te aanvaar as ons Heer (1 Kor. 12:3).

Verder bewerk die Heilige Gees ook die heiligmaking in ons lewe. Dit is dan veral die “vrug van die Gees” wat die onderbou van die heiligmaking in ons lewe is (Gal. 5:22). Daar word soms verkeerdelik na Gal. 5:22 verwys as gawes. Nee! Dit is negevoudige vrug wat deel moet wees van alle gelowiges. Dit is ook nie vrugte (meervoud) nie, maar `n enkele vrug, want jy kan nie maar sommige “vrugte” dra en ander nie. Dit is een geheel wat in Gal. 5:22 beskryf word. Dit is `n vrug met veelvoudige aspekte en dit vorm die kern van die heiligmaking in ons lewe.

Hierdie vrug word wel uit genade deur die werk van die Gees aan ons gegee. Omdat die vrug gegee word, is die vrug in sy geheel wel `n gawe, maar hierdie vrug is die vrug van die heerskappy van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige. Alle gelowiges moet hierdie vrug in hulle lewens uitleef. Nie vanuit eie krag nie, maar wel onder die heerskappy van die Gees.

Die gemeenskaplike gawes is basiese gawes wat onmisbaar is in die lewe van die gelowige. Hier dink ons veral aan die gawe van die geloof (vgl. Ef. 2:8). Sonder die geloof in Christus en die nuwe lewe in Christus is jy nie `n kind van God nie en kan jy nie die ewige lewe ingaan nie. Vandaar dat ons sê die gemeenskaplike gawes is onmisbaar.

By die individuele gawes is dit anders. Jy hoef nie `n profeet te wees, of die gawe van gesondmaking of die werkinge van kragte ens. te hê om te “kwalifiseer” vir die ewige lewe nie.

Individuele gawes

Ons kan praat van individuele gawes omdat die Heilige Gees aan elke individuele gelowige uitdeel soos Hy wil (aan “elkeen afsonderlik”, 1 Kor. 12:11).

“Gemeenskaplike” gawes is daardie gawes wat die Gees sonder uitsondering aan alle gelowiges wil skenk. Daarteenoor is die “individuele” gawes, gawes wat van die een gelowige tot die ander gelowige verskil (Rom. 12:6).

By die individuele gawes rus die Gees die onderskeie gelowiges toe vir die spesifieke taak waarvoor hy elkeen in die kerk van Christus wil gebruik.

Liggaam van Christus

Die individuele gawes word goed toegelig in die beeld van die kerk as die liggaam van Christus (Rom. 12:4-6; 1 Kor. 12:12-27; Ef. 4:11-16).


Die “liggaam van Christus” is die kerk of die gemeente van Christus. Paulus verduidelik die samestelling en die werking van die liggaam van Christus aan die hand van die menslike liggaam. Die liggaam is ’n hegte eenheid wat goed saamgevoeg is en dit funksioneer as een geheel. Dit is nie ’n klomp selfstandige ledemate en organe wat niks met mekaar te doen het nie. Al die liggaamsdele funksioneer goed saam en hulle is daarop gerig om die liggaam as ’n eenheid te dien.

Tog is daar ’n groot verskeidenheid van liggaamsdele en organe. Elkeen met sy eie doel en funksie wat dit verrig. So is daar die hand en die mond. Hulle verskil daadwerklik van mekaar deurdat elkeen ’n eiesoortige funksie het.

Deur die gemeenskaplike gawes wil die Heilige Gees ons deel maak van die liggaam van Christus, maar as ons eenmaal ’n lid is van Christus se liggaam dan gee die Heilige Gees aan elke lidmaat ’n individuele gawe of gawes soos Hy wil. Die doel daarmee is dan dat elke lidmaat toegerus is vir dienswerk binne die liggaam van Christus. Daarom is ons nie maar net elkeen ’n lidmaat nie, maar ons moet ook toerusting ontvang om diens te kan lewer binne die kerk van Christus. Elke lidmaat moet dus ’n lewende werk-

same deel wees tot die opbou van die liggaam van Christus.

Die verskeidenheid is nodig vir die goeie funksionering van die kerk. Die liggaam benodig nie net monde of hande nie, want dan is dit onvolledig en gebreklik (sien 1 Kor. 12:17-19).



Wanneer ons dus na die kerk van vandag kyk, moet daar gewaak word dat alles in die gemeente nie net om die predikant, of om die ouderlinge of die diakens draai nie. Dan lei dit tot eensydigheid en onvolledigheid van Christus se kerk. Dit gaan ook nie net om die eie gemeente of eie kerk nie. Dit gaan om die opbou van Christus se liggaam en dit is die ware kerk reg oor die wêreld. Dit gaan dus om God se koninkryk. Daarom moet elke gelowige stry vir waarheid in sy eie kerk, maar ook vir die koninkryk in sy geheel. So bid ons dan ook: “Laat u koninkryk kom”.

Die verskeidenheid van funksies is dus nodig vir die deeglike funksionering van die gemeente. ’n Liggaam waar net die hoof funksioneer, maar nie die res van die liggaam nie is ’n bedlêende invalide. Die kerk van

Christus moet dus ingerig wees sodat elke lid ’n funksie het en geen funksie is te gering nie. Waar lidmate nie weet waar hulle inpas nie, is dit nodig dat hulle biddend sal soek na die taak of take wat hulle moet verrig, want die gelowige wat eerlik en opreg soek sal vind. So sal die Gees self dan sorg en gee aan elkeen wat soek. Dikwels sê die bejaardes in die gemeente dat hulle nou gaan rus. Dit is tyd dat die jong manne en vroue moet voorgaan. Nee! In God se koninkryk word daar nie gerus nie. Ja, die liggaamskragte word minder, maar self al het jy oud geword dan kan jy nog altyd bid! Al lê jy selfs in die bed van die hospitaal dan kan jou gebed vir jouself en jou kerk ’n verskil maak.

Bestaan die gawes vandag nog?

Ja, die Heilige Gees rus die kerk van Christus nog altyd toe met genadegawes, maar die Gees is nooit stereotiep nie. Die Gees deel die gawes uit met die oog op dit wat nuttig en opbouend vir die liggaam van Christus is. So mag dit wees dat sommige gawes nie so prominent is soos dit in ander tye was nie, maar daarteenoor raak ander gawes in vandag se tyd weer baie belangrik. Die gawe van die onderskeiding van die geeste raak vandag weer belangrik. Daar is soveel dwaalleer, verbroke-linge van huwelike, aandrang om mense van die selfe geslag in die huwelik te bevestig, die gelykmaking van alle godsdienste en nog baie meer.

Die Heilige Gees sorg vir die kerk van Christus en Hy sal wel deeglik rekening hou met elke veranderde situasie en unieke omstandighede. As die Gees dus uitdeel dan gee Hy met die oog op wat nuttig is vir elke spesifieke tyd en situasie.

Die Nuwe Testamentiese gawe en gawes van die Gees is dus ook vir ons. Dit is vir almal vir alle tye. Daarom moet elke gemeente en elke gemeentelid hulself vergewis van wat hulle taak en roeping is. ☐

WORD VERVUL MET DIE GEES (I)

Ds. P Niemeijer

TEMA: HEILIGE GEES

As dit gaan om die Heilige Gees en sy werk in ons en in die kerk, word daar dikwels verwys na dit wat die apostel Paulus skryf in Efesiërs 5: "...maar word met die Gees vervul" (vers 18b). Nêrens anders in die Bybel word ons so regstreeks en onomwonde daartoe opgeroep om ons deur die Gees te laat vervul nie. Baie mense beskou dit dan ook as 'n sentrale teksvers. In die artikel word hierdie teks van nader beskou, om sodoende 'n bydrae te lewer tot voortgesette gedagtes en gesprekke oor die verlange na die Gees en oor die mate waarin Hy ons wil beheers.

Word vervul met die Gees! Beteken dit iets soos: streef na "die vervulling met die Heilige Gees"?

Daar is mense wat dit so vertolk. En met hierdie "vervulling" word dan gedink aan 'n tweede fase in die geloofslewe. Eers kom jy tot geloof en neem Christus as jou Verlosser aan. Dit gebeur natuurlik nie sonder die Heilige Gees nie. Jy kan mos net deur die Heilige Gees tot geloof kom. Maar met daardie geloof alleen is jy nog nie daar nie. In Christus ontvang jy nog nie *alles* wat die Vader aan jou wil gee nie. Daar is méér as Christus. Méér as geloof. En daarvoor sorg die Gees. Hy wil nie net in jou woon en werk nie. Hy wil jou ook *vul*. Hy verbind jou nie net met Christus en gee jou nie net deel aan al sy weldade nie. Hy wil ook sy gawes oor jou uitstort. Dinge wat nie nodig is vir jou behoud nie, maar wat wel jou lewe tot volheid bring. Geloof kan wees soos 'n mosterdsaadjie, maar die Gees wil daarvoor sorg dat jy heeltemal vol van Hom word. Hierdie vervulling met die Gees blyk, volgens die een, uit die gawe van die spreek in tale. Volgens 'n ander blyk dit daaruit dat jy kan uitstyg bo die sonde. Jy is in staat tot dinge wat gewone Christene nie kan doen nie. Dis juis ten opsigte van die

siening oor hierdie "vervulling" waarvoor jy moet oopstaan en waarna jy moet strew, dat bepaalde kringe sê dat hulle méér leer as die kerke wat kom met die Evangelie van Christus en met die bevel van geloof alleen. Dit sou slegs 'n *halwe* Evangelie wees. Maar hulle, sê sodanige kringe, kom met die *volle* Evangelie. Jy moenie stilstaan by die verlossing en vernuwing wat jy van Christus - by regverdigmaking en heiligmaking deur die geloof - ontvang nie, maar jy moet strew na die volgende fase: dié van die vervulling met die Gees.

Is dit wat Paulus in werklikheid bedoel? En indien nie, wat het hy dan op die oog met sy oproep om met die Gees vervul te word?

Geen begin en geen "tweede seën" nie

Laat ons in die eerste plek vasstel dat dit wat Paulus in Efesiërs 5 skryf, geen opdrag is om onself oop te stel om die Heilige Gees te *ontvang* nie. Die Efesiërs aan wie Paulus skryf, is volgens 1:13 reeds verseël met die Heilige Gees toe hulle tot geloof gekom het. Deur die Gees het hulle toegang tot die Vader (2:18), word hulle opgebou tot 'n woning van God in die Gees (2:22) en is hulle aan mekaar verbonde in die eenheid van die Gees (4:3,4). In 4:30 staan daar weer 'n keer dat hulle deur die Heilige Gees verseël is tot die dag van verlossing. Die oproep om "met die Gees vervul te word", is dus geen opdrag aan ongelowiges om hulself oop te stel om die Heilige Gees te *ontvang* nie. Hier word "heiliges en gelowiges in Christus Jesus" (1:1) aangespreek, in wie Christus wil woon deur sy Gees (3:16,17).

Is die "vervulling" met die Gees *dus* so iets soos 'n tweede fase vir gelowiges? 'n Surplus bo en behalwe dit wat Christus in die "gewone geloof" gee? Nee, want ons lees nêrens in die Skrif dat Christus

slegs 'n beginkapitaal gee en dat ons daarna sou moes aanhou groei tot die volheid waarvoor die Gees dan sou sorg. Juis in sy brief aan die Efesiërs laat Paulus sien dat dit *Christus* is in wie ons al God se skatte ontvang: uitverkiesing, versoening, verseëling, die rykdom van sy genade (1:3-14). Dit is *Christus* in wie God sy oorweldigende groot krag getoon het (1:19) en dit is *Christus* deur wie hierdie onmeetbare mag ons ten goede kom en wat ons "vervul" (1:22,23). God doen oneindig meer as waarvoor ons bid of wat ons dink, nie "in die Gees" nie, maar *in die gemeente in Christus Jesus* (3:20,21). Dit is *Christus* wat alles tot volheid sal bring (4:10). Ons het dus nie nodig om verby Christus aan te hou met groei tot die volheid van die Gees nie, maar ons moet groei tot die mate van die *volle grootte van Christus* (4:13). En in ander briewe lees ons dieselfde. In *Christus* woon die volheid van die Godheid liggaamlik (Kol 1:19; 2:9). In *Hom* is al die skatte van wysheid en kennis verborge (Kol 2:3). In *Hom* het ons "die volheid" verkry (Kol 2:10). Laat niemand dus met 'n heel nederige houding allerlei verhewe dinge buite die Hoof Christus soek nie (Kol 2:18,23). Want in *Hom* het ons die lewe (Joh 20:31; 1Joh 5:12), het ons die Vader (1 Joh 1:3; 2:23; 2 Joh 1:9), het ons alles (1 Kor 3:22). In *Hom* (Jes 11:2) het ons ook die Gees. Daarvoor is geen tweede fase of tweede seën meer nodig nie.

Die volheid wat Christus skenk, is in werklikheid wel iets wat hier aanvegbaar bly en wat nie net stryd kos nie, maar ook verdere *groei* nodig maak. Paulus kan opgewonde daarvan praat dat hy deur Christus gegryp is, van die gemeenskap aan Christus se lyding en dood, en van die krag van Christus se opstanding, van die kennis van Christus wat alle verstand te bowe gaan (Fil 3:8-12). Maar tegelykertyd moet hy sê dat

hy nog nie volmaak is nie (Fil. 3:12). Sy lewe bly 'n wandeling nie deur aanskouing nie, maar deur geloof (2 Kor 5:7). Ook sy geloofsluwe en nuwe lewe bly onvolkome deur die sonde wat nog in hom woon, en wat hom dinge laat doen wat hy haat en hom weerhou van dié dinge wat hy graag wil. Hy bly 'n ellendige mens wat verlang na die volkome verlossing van sy bestaan in hierdie gebroke wêreld (Rom 7:14-26). Om met die Heilige Gees vervul te word, beteken dan ook nie dat 'n mens so vol van Hom word dat jy bo die sonde uitgroeï en jou geloof geen laagtepunte meer ken nie. Dis juis in jou swakheid en skuld dat die Here telkens weer sy genade laat sien (2 Kor. 4:7; 12:9,10).

Wanneer jy met die Heilige Gees vervul word, gaan dit ook nie om 'n fase waarin jy op 'n gegewe oomblik beland en waar dan verder alles vanself gebeur nie. Paulus sê in Efesiërs 5: "word vervul" met die Gees. Dit beteken nie: sorg dat dit een keer met jou gebeur, want as jy daarin slaag, dan het jy 'n nuwe en salige toestand ingegaan. Nee, "word vervul met die Gees" is – in die lig van die gebruikte werkwoordsvorm – 'n bevel om jou *telkens weer* met die Gees te laat vervul. Dit is 'n opdrag wat *bly* uitgaan. Dit is nie afgehandel as jy 'n bepaalde fase bereik het nie, maar dit is 'n opdrag wat van krag bly: *herhaaldelik* en lewenslank vir *alle* kinders van God.

Volheid van gawes?

Word vervul met die Heilige Gees. Is dit dalk 'n opdrag om te strewen na die volheid van *sy gawes*? Daar is mense wat dit so opvat. Hulle soek die vervulling met die Gees dáárin om steeds méér gawes van Hom te ontvang. Volgens hulle sou die Gees, as jy jouself genoeg oopstel, selfs ál sy gawes wou skenk. En, in stryd met dit wat die Bybel leer, word die spreek in tale en genesing as die hoogste gawes gesien.

Dit is goed om daarop te wys dat Paulus in Efesiërs 5 nie praat oor die vervulling met die *gawes* van die Heilige Gees nie, maar met die Heilige Gees self! Bowendien vind

ons in die eerste brief aan die Korinthiërs, waarin die apostel uitvoerig oor die gawes van die Gees praat, nêrens die term "vervul" nie! En deurslaggewend is die feit dat Paulus in 1 Korinthiërs 12 daarop wys dat niemand die volheid van die gawes van die Gees ontvang nie, maar dat God heel bewus 'n verskeidenheid van gawes gee, sodat niemand kan dink dat hy sonder die ander kan klaarkom nie. In die liggaam van Christus is ons nie méér as 'n oog of 'n oor nie, nie méér as 'n hand of 'n voet nie: nie méér as 'n lidmaat wat op die gawes van ander lede aangewys is nie. Dit is 'n saak waaraan Paulus voortdurend aandag gee. Die Gees maak nie van ons selfgenoegsame individue nie, maar in Efesiërs 5 plaas Hy ons ook



met ons gesigte na die gemeenskap saam met hulle wat deur dieselfde Gees vervul word. Spreek "onder mekaar", sê Paulus, met psalms en lofsange en geestelike liedere; en wees "aan mekaar" onderdanig! "Vervul met die Gees" beteken nie: ek het self alles. In die gemeente dryf dit jou juis na die ander toe!

Opdrag aan gelowiges

Daar is nog 'n belangrike ding as dit gaan om vervul word met die Gees. Dit word dikwels gesien as 'n aksie van die Heilige Gees aan die gelowiges. Die Bybel praat inderdaad van die Gees wat mense vervul (Rigt 6:34; 1 Kron 12:18; 2 Kron 24:20). Maar in Efesiërs 5 gaan dit om iets *anders*! Dit gaan hier om vervul "word" met die Gees. Dit

slaan inderdaad op iets wat *aan* ons gedoen word. Ons *word* vervul met die Heilige Gees. Maar dadelik moet twee opmerkings hierby gemaak word.

In die eerste plek: dit gaan nie oor wat die *Gees* aan ons doen nie. Want daar staan nie dat ons vervul moet word "deur" die Heilige Gees nie, maar "met" die Heilige Gees. Dit gaan oor wat die Here Christus met ons doen: *Hy* vervul ons met sy Gees (vgl Hand 2:33).

En in die tweede plek: daar word inderdaad gepraat oor vervul "word", maar dit neem nie weg nie dat die nadruk op ons eie aktiwiteit val. Efesiërs 5:18 is 'n *bevel* aan ons! Die "vervulling" met die Gees is iets wat ons *sélf* moet laat gebeur.

"Word vervul met die Gees" is 'n *opdrag* aan ons! Blykbaar spreek dit nie vanself dat elkeen wat verseël is met die Heilige Gees en dat elkeen wat behoort aan die gemeente - wat 'n tempel van die Gees is - vol is van die Heilige Gees nie. Hoewel die Gees ons wil vervul en dit nie van Hom afhang as dit anders is nie, is dit blykbaar nie die maatstaf in die kerk dat ons almal altyd vol van die Gees is nie. Dan sou Paulus mos nie nodig gehad het om ons daartoe op te roep nie!

Die opdrag van die apostel is 'n opdrag tot lesers in wie die Gees van die Here woon, en wat met die Heilige Gees gesalf en verseël is. Hulle *is* blykbaar nie outomaties vol van die Gees nie, maar moet dit *word*, telkens weer. Soos hulle wat die Gees het en met Hom verseël is, op ander plekke uitdruklik deur Paulus daarvoor gewaarsku word om die Gees nie te "bedroef" nie (Ef 4:30) en nie "uit te blus" nie (1 Thess 5:19). Die Gees kan in jou woon en jy kan Hom verdryf en vol wees van ander dinge. Vol ang, vol twyfel, vol bitterheid en boosheid, vol van die plesier en die dinge van die wêreld, in die vangnet van verbode dinge waarmee jy nie wil breek nie. Jy kan aan die kerk behoort, maar 'n deel van jou hart toesluit vir die Heilige Gees en vir dit wat Hy wil. Jy kan gelowig wees en tog so vol wees van ander dinge

dat die onderrig van die Here terugkaats op jou oorvol hart. Daar is geen ruimte vir die Here nie (2 Kor 6:12,13). Wie in die kerk is en dink dat hy rustig verder kan slaap omdat alles goed en wel is, moet hoor: “Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die *dode* (Ef 5:14)!

“Word vervul met die Gees” is ‘n *opdrag*! Dit beteken: om vol te wees van die Heilige Gees is geen outomatisme, geen vanselfsprekendheid nie. Ook al is jy ‘n gelowige kerklidmaat, is jy nog nie outomaties vol van die Heilige Gees nie. Dit verg besondere aktiwiteit!

En dit is ook nie iets wat buite ons eie verantwoordelikheid val nie. Die Here roep ons op: word vervul met die Heilige Gees. En as *Hy* iets aan ons opdra, mag niemand van ons homself aan hierdie roeping onttrek nie. Selfs nie onder die beste voorwendsel nie! ☐

GEREFORMEERD TEENoor CHARISMATIES

- n.a.v ‘The Candlestand Statement – gereformeerde oewerwegingen bij de charismatiese beweging’

Addy van der Lugt

TEMA: HEILIGE GEES

Bogenoemde brosjure is ‘n ‘geskenk van wederkerigheid’ deur 14 broeders uit Kenia, Indonesië, Oeganda, Nederland, Suid-Afrika, Indië en Nederland, aangebied aan die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) in Nederland.

Dit is die vrug van twee jaar se besinning en studie oor die groeiende invloed van die charismatiese beweging wêreldwyd op kerke uit die gereformeerde en presbiteriaanse tradisie.

Die aanleiding tot die werkswinkel was ‘n uitnodiging van ‘n presbiteriaanse kerkgenootskap uit Zimbabwe (die CCAP) aan die IRTT om hulle te help om die gety van die charismatiese vloedgolf te keer. Hul lidmate was ontvanklik vir die massa-byeenkomste, die beloftes van voorspoed en genesing, die aanslag op gevoel en beleving en die moderne sfeer in die eredienste.

Maar ook in die ‘tradisionele’ westerse kerke was die charismatiese invloed toenemend voelbaar. Dit het nie alleen die kerke van buite af bedreig nie - dit het ook die gereformeerde strukture van binne-uit begin aantast. Lidmate het begin aandag vra vir die besondere gewes van die Gees te midde van kwynende belangstelling vir belydenis en dogma. Mense wil goed voel in eredienste, sonder om telkens weer te hoor van sonde en skuld.

Hoe verweer gereformeerde kerke hul teen die charismatiese vloedgolf? Het dit nie tyd geword vir ‘n helder getuienis wat lidmate help om te onderskei, die werk van die Gees duideliker in beeld te kry en wal te gooi teen allerlei charismatiese winde van dwaalleer nie?

Die resultaat van die broeders se werk is ‘n verklaring in die vorm van ‘n belydenis. In ‘n brosjure van 44 bladsye word die gereformeerde rykdom uitgestal vir kerk en wêreld. Tegelyk word onskriftuurlike lering op ‘n bondige manier uitgewys en weerlê. Ons is dankbaar vir hierdie brosjure. Die tyd het ryp geword vir verdere besinning oor kerkwees en Christen wees in ‘n wêreld wat oor die afgelope sestig jaar wesenlik verander het.

Soos die Nederlandse Geloofs-belydenis begin die getuienis met God se openbaring en die Heilige Skrif. Maar al gou verskuif die klem na die omgang en verstaan daarvan. Hoe gaan ons met die Bybel om, en hoe pas ons die Skrif toe in ons eie tyd? Die situasie van ons moderne wêreld is onvergelykbaar anders as dié van die Bybelse tyd, en word beïnvloed deur ander religies, filosofie, ideologieë en wêreldbeelde. Hierdie waarneming vra dat verskillende faktore in ag geneem word om die Bybel in ons tyd te wil toepas. Oppervlakkige vergelykings is risikant, en verantwoorde toepassings kan alleen gemaak word aan die

hand van daaglikse Bybellesing asook gereelde verkondiging en onderwys.

Heelwat aandag word gegee aan die werk van die Heilige Gees. Hy het nie alleen die Bybel as hoogste gawe vir ons geskenk nie, maar verklaar dit ook en open daardeur die harte van gelowiges om só deur Christus geregeer te word tot ‘n nuwe lewe.

In die onderdeel oor ‘verligting en persoonlike ervaring’ word mooi uiteengesit hoe die prediking van God se Woord vrugte dra in die lewe van sy kinders. Die Heilige Gees laat ons die Skrifte verstaan en dring tot ons deur tot by alle aspekte van ons wese: gees, siel, gevoelens en gewete. Daardeur kan ons soms besondere ervarings in ons lewe of onverwagte omstandighede opmerk as God se leidende hand, wat ons byvoorbeeld aanmoedig om vroom en heilig te bly lewe. Tegelyk verklaar die broeders dat byvoorbeeld drome, wat afspiegelings is van menslike gewaarwordings, geen normatiewe rol speel in die kennis van die waarheid nie, en altyd beleef moet word in afhanklikheid van die gesaghebbende Woord van God.

Die tweede hoofstuk handel oor God die Heilige Gees. Geloofs-aspekte wat aan die orde kom is die drie-enige God, die ervaring van die Gees deur die gelowige, hoe die kerk die teenwoordigheid van die Gees ervaar en veral die gewes van die Gees. In

die 'weerleggings' word die doop met die Heilige Gees bestry as 'n afsonderlike ervaring, wat die gelowige moet verwag as 'n tweede seën in sy lewe. Daarteenoor word in die brosjure heelwat aandag geskenk aan die aard en kenmerke van die gawes wat die Gees wél aan sy kerk skenk, en wat Hy daarmee wil bereik.

Die derde hoofstuk handel oor die Christelike lewe. Dit bespreek hoe God mense aanneem en hulle kinders maak, sodat hulle deur geloof sekerheid kan hê van hul verlossing en vrugte van die Gees kan voortbring. Die broeders bely dat die Christelike lewe 'n deurlopende proses is, gekenmerk deur bekering, gebed om vergifnis en bereidheid om onself te laat beheers deur die werk van die Gees. Die ooraksentuering van verbondsekerheid word ondubbelsinnig verwerp. Daardeur word God se genade misbruik of die noodsaak tot wedergeboorte verontagsaam. Die broeders wys op die gevaar dat mense lui word om hul lewens te laat vernuwe en om die veelvoudige vrug van die Gees voort te bring, selfs laks word om die stryd teen sonde en tekortkomings ernstig op te neem.

Temas wat aandag kry is o.a. welvaart, offervaardigheid, omgang met siekte en genesing, tekens en wonders. Die broeders doen 'n beroep op die gelowiges om valse (charismatiese) leraars te ontmasker as skeurmakers wat uiteindelik sekularisasie in die hand werk.

In 'n laaste gedeelte oor die erediens word heel mooi bely dat die karakter

daarvan bepaal word deur die verbond. In die erediens ontmoet God sy verbondsvolk. Hy kom in Christus na sy gemeente toe wat bemoedig en deur die Gees versterk word om in die wêreld in te gaan om te vertel van die verlossing in Jesus Christus.

Bogenoemde brosjure is bedoel as 'n werkdokument, en moet as sodanig gebruik word. Dit het nie die pretensie van 'n afgeronde belydenis nie en sou dan ook op talle punte duideliker en selfs meer 'konfessioneel' kon praat.

So word genoem dat die Bybel die volledige geskiedenis van die versoening vertel, dat dit 'n bron van informasie 'bevat' om werklik 'die persoon' wat alles geskape het te leer ken, maar wat ek mis is die ondubbelsinnige belydenis dat die Bybel die Woord van God is. Juis teenoor die charismatiese beweging, wat glo dat God steeds d.m.v. drome, visioene en ervarings spreek, is 'n duideliker standpunt gewens.

Ook moet vraagtekens geplaas word by die stelling dat dat om die goddelike Outeur te ontdek ons eers die bedoeling van die menslike outeur moet verstaan.

Het God nie dikwels gesprek sonder dat die menslike outeur self verstaan het waaroor hy moes profeteer nie?

As die broeders stel dat die Bybel deur enigiemand onder die leiding van die Heilige Gees gelees en verstaan kan word, voeg hulle onmiddellik by dat daar teweens 'n

'goede en adequate' metode nodig is en bevorder moet word om die Bybel uit te lê. Wat is hierdie metode? Die antwoord word nie duidelik nie. Wel word gestel dat die kerk moet bid vir die moontlikheid en middele om geskikte 'training' te reël en haarself te verseker van toegewyde en geestelik gemotiveerde kerklede.

Nog 'n laaste voorbeeld. Die broeders stel dat ons die Skrif in ons eie tyd toepas deur die bedoeling wat die skrywer gehad het, oor te bring na ons situasie. Maar hierdie 'skrywer' is in die eerste plek tog God self? Is die vraag nie eerder wat GóD in hierdie tyd vir die mens sê nie? Dit is tog Hý wat in sy Woord tot ons kom?

Die sterk punt van die brosjure is dat dit indirek 'n oorsig gee van die denke binne die charismatiese beweging. Veral die weerleggings is insiggewend, hoewel oor die algemeen dalk té min onderbou vanuit die Skrif.

Die brosjure is die lees werd en word aanbeveel vir bespreking op studieverenigings en wyksaande. Neem gerus as Bybelkring die tyd om die materiaal te bespreek en insig te kry in die rykdom en armoede van die Gees.

Opgestel deur: die Candlestand Fellowship, 'n internasionale werkwinkel georganiseer deur De Verre Naaste se Intercultural Reformed Theological Training (IRTT).

Hierdie brosjure kan gratis afgelaai word in sowel Engels en Nederlands by www.candlestand.nl □

Temas wat in die volgende maande in KOMPAS bespreek gaan word:



Oktober 2006:	Seksualiteit
November 2006:	Kerkhervorming
Desember 2006/ Januarie 2007:	Feminisme

Hábakuk – Lewe vir die een wat glo

Ds. Eugene Viljoen

VENSTER OP DIE BYBEL

Ons geloof is geen teoretiese saak nie. Dit het betekenis vir ons lewe. En nie slegs vir “eendag in die lewe hierna” nie. Dit raak ons hele lewe van elke dag. Nie verniet vra ons in Sondag 23 van die Heidelbergse Kategismus ‘n baie praktiese vraag nie: “Wat baat dit jou dat jy dit alles glo?” Wat het jy daaraan dat jy glo? Hábakuk wil ‘n antwoord op hierdie belangrike vraag gee in ‘n tyd waarin dit deur baie gevra is.

Toekoms vir die een wat glo!

Die profeet Hábakuk het ‘n heel helder antwoord op die vraag. Hy sê: die regverdige sal deur sy geloof lewe (Hab 2:4). Die nut van die regverdige se geloof is **dat hy sal lewe**. Dié antwoord kom gee hy in heel besondere omstandighede. Op geen maklike tyd in sy lewe en die lewe van die volk Israel nie, gaan worstel hy met die vraag wat dit nou eintlik baat om vas te hou aan die evangelie. Dit was geen oorbodige vraag in daardie tyd nie. Hábakuk leef in ‘n tyd waarin dit met die volk nie goed gegaan het nie. Ons kan dit só stel: hy leef in ‘n tyd waarin dit behoorlik sleg gegaan het met die kerk. Kerkmense het nie uit geloof geleef nie. Hábakuk vra daarom vir die Here: “Waarom laat U my al hierdie onreg sien?” (1:3). Die volk van die Here het **self** onreg gepleeg.

Onreg in die kerk

Daar is sekerlik niks wat ‘n mens so aan die sin en betekenis van die geloof kan laat twyfel as juis dit nie. Wanneer kerkmense nie meer laat sien dat hul geloof enigsins hul lewe raak nie. Intendeel – kerkmense leef goddeloos. Hulle houding spreek nie van liefde vir die Here en bewoëndheid met hul naaste nie. Dit dompel mense wat werklik gelowig wil leef, in onsekerheid. Dink maar hoe ‘n nuwe geslag jongmense moet opgroei onder sulke omstandighede!? Hoe glo ‘n mens wanneer pa en ma of ander mense wat in die kerk is, se lewe geen goeie voorbeeld is nie?

Wat dit vir Hábakuk nog moeiliker gemaak het, was dat die Here in tye van sulke onreg doodstil gebly het. Waar is die Here dan? Die laaste strooi wat die kameel se rug breek, is die wet self. Daaroor kla Hábakuk in vers 4 van hoofstuk 1. Wat het ‘n mens aan jou geloof wanneer die boodskap van verlossing wat die Here deur Moses gegee het, kragtelos blyk te wees? Hoe glo ‘n mens nog wanneer daar oënskynlik nie krag in die boodskap van verlossing self is nie? Dit was die muur waarteen Hábakuk vasgekyk het. Werklik ‘n klaagmuur. Die wet self was kragtelos. Dit kon nie die onreg in toom hou nie. Die beloftes van seën wat die wet gegee het, was nie sigbaar nie.

Ingryp deur onreg?

En dan nog een laaste skeppie wat bo-op kom... In plaas daarvan dat die Here in sy genade in die situasie ingryp om sy volk te red uit die situasie waarin hulle vasgeval het, kondig die Here aan dat Hy wel gaan ingryp. Maar dan op ‘n onverwagte manier. Die Here doen iets wat hulle nie sal glo as dit net aan hulle vertel word nie. Die Here self wék ‘n goddelose volk, die Chaldeërs op. ‘n Volk waarvan die Here self sê dat hulle ‘n growwe, skandelige, verskriklike, magtige, selfgesentreerde en gewelddadige volk is. Hierdie boodskap moet Hábakuk op groot tafels graveer en langs die pad sit, sodat elkeen wat verbygaan, dit kan lees. Dit sal sekerlik gebeur. Die uitwerking daarvan op die goddelose is dat dit hom nog net meer opgeblase en hoogmoedig maak.

Gaan vra nou in sulke omstandighede die vraag: “Wat baat dit jou nou dat jy glo?” Wat maak die regverdige in hierdie omstandighede? **Hy sal deur sy geloof lewe**. Dit is die nut van sy geloof. Hy staan regverdig voor God en **sal bly lewe**. Hy sal nie omkom nie. Die band met die Here sal vir hom nie tot niet gaan nie. Dit

is presies hierdie antwoord wat Sondag 23 wil gee: **“Dat ek in Christus voor God geregverdig en ‘n erfgenaam van die ewige lewe is”**.

Ons geloof maak nie van ons mense wat nie deur teëspoed getref word nie. Ons is nie uitgesluit van die seer en droefheid en teleurstellings en teëspoed wat baie mense op aarde tref nie. Dink maar aan Hábakuk. ‘n Regverdige man en profeet van die Here. Maar Hábakuk word nie uitgesluit van groot beproewings nie. Hy ken baie terugslae, teleurstellings, hartseer en kwelrae in sy lewe. Hy leef in ‘n tyd waarin dit lyk asof die wet al sy krag verloor het – dit kan nie red nie. Dit laat mense in hulle goddeloosheid. Die nut van ons geloof is nie dat die Here hierdie dinge van ons weg hou nie.

Aan die Here toevertrou

Wat die nut van Hábakuk se geloof is, word duidelik in sy gebed wat hy bid (3:1-17). Hábakuk kan homself in moeilike omstandighede aan die Here toevertrou. Hy dink terug aan die wonderlike dinge wat die Here in die verlede gedoen het om sy volk te red. Hy verbly hom oor die Here se ontferming in die verlede. Hy bly vashou aan die mag van die Here wat eers die volk uit Egipte gelei het en daarna deur sy mag die beloofde land vir hulle gegee het. Die Here sal weer met oordeel teen die vyande van die kinders van die Here optree en Hy sal weer redding vir Israel gee.

Dit bring hom by die “nogtans” van die geloof. “Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie – **NOGTANS sal ek jubel in die HERE**” (3:17-18). Sy verlossing is nogtans in die Here en daaraan sal hy vashou. Die Here is sy sterkte en

Hy maak sy voete soos dié van herte. Die nut van die geloof is dat ek voor God regverdig kan staan. Selfs wanneer die Here oordeel uitspreek. Jy mag weet hoe God oor jou dink – wat God se oordeel oor jou is. Voor God staan jy nie beskaamd nie. Staan jy nie veroordeel nie. Nie alleen op die dag van God se finale oordeel nie, maar nou. Vandag. Erfgenaam van die lewe – nou... en vir ewig...

Die Here kom tot redding

Hoe kan dit wees? Hoe is dit moontlik dat iemand soos Hábakuk so regverdig voor God staan? Sekerlik het ook sy gewete hom aangekla. Sekerlik was hy daarvan bewus dat ook hy teen die Here gesondig het. Ook hy was in staat om swaar te sondig. Die regverdige kan uit die geloof lewe alleen maar omdat die Here self uittrek tot redding van sy volk (3:13). Daar is alleen maar hoop op die toekoms, selfs in die dae van Hábakuk, slegs maar omdat die Here belooft dat Hy self die vyande van sy volk sal oorwin. Hábakuk vertel hoe hy bewend voor die Here gestaan het in afwagting wanneer die Here met sy groot mag die oorwinning gaan behaal (3:16!).

Daardie oorwinning behaal Christus self wanneer Hy uit die graf opstaan

en opvaar na die hemel om só oor al sy vyande te triomfeer. Dit is hierdie oorwinning van Christus wat God vir ons skenk uit genade deur geloof alleen. Alles wat Hy vir ons gedoen het, sy geboorte waarin Hy Homself vir ons gee, sy lyding, sterwe en opstanding – dit alles wat vir ons gedoen is, word aan ons geskenk. Dit gee die Here vir my asof ek nooit enige sonde gehad het nie. Dit wat Christus gedoen het, word myne asof ek self al die gehoorsaamheid nagekom het wat Christus gedoen het toe Hy Homself sy hele lewe vrywillig aan die wil van die Vader onderwerp het. Daaraan het ek deel vir sover ek dit met ‘n gelowige hart aanneem. Dit is die uitnodiging aan elkeen van ons – gee uself in geloof steeds meer oor aan hierdie genade van die Here.

Voor God regverdig

Hoe mag ons voor God regverdig wees? Ons gewete ignoreer en rasionaliseer? Onself troos deur te sê dit is nie so erg nie en ook ander is net soos ons? Die mooie van die evangelie is nou juis dat ons nie onself hoeft regverdig deur alles waarvan ons gewete ons aankla, weg te praat nie. Vraag 60 van die Heidelbergse Kategismus lui: “Hoe is jy regverdig

voor God?” Die antwoord: So dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die geboorte van God swaar gesondig het, ek nogtans deur die geloof mag deel in al Christus se geregtigheid en heiligheid – dit word alles vir my geskenk. Ek is dus nie regverdig deurdat ek begin vrede maak met die gedagte dat ek nou maar eenmaal ‘n sondaar is nie. Dit wat ons as ons gewete beskryf, is dikwels niks minder nie as die Heilige Gees wat met die Woord diep in ons harte kom werk – en sal ons dan nou die Gees die swye oplê?

Maar nou is die mooie dat God aan elke gelowige, sonder enige verdienste van ons kant, uit genade, alles wat Christus vir ons gedoen het, kom skenk. Hy reken dit vir my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie. Asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus gedoen het. Sien u die nut van die geloof? God hou nie meer rekening met ons sondes wanneer Hy ons regverdig nie.

Hy hou alleen maar rekening met wat Christus gedoen het. Die regverdige sal deur hierdie geloof lewe. Ook wanneer die oordeel van die Here kom. ☐

Lesersopname: Groot waardering, maar belangrike uitdagings

Martin de Wit

VERSLAG

Onlangs het die Kompas-redaksie besluit om die gevoelens opsigte van die blad onder haar lesers te toets. In hierdie artikel word die resultate gepresenteer en ‘n paar aantekeninge gemaak.

Wat is gevra?

Die vraelys was opgedeel in vyftien vrae (sien Tabel 1)

asook ruimte vir enige algemene kommentaar. Die vraelys is onder alle lesers versprei en 70 is terug ontvang, 45 uit Pretoria en 25 uit Kaapstad. Dit is ongeveer 40% van alle vraelyste wat uitgestuur is en behoort statisties gesien redelik verteenwoordigend te wees van die lesers se gedagtes oor die blad.

Tabel 1: Inhoud van die vraelys

1. Wat is u algemene indruk van Kompas?	9. As u huisgesnote het, hoeveel persone lees Kompas?
2. Beantwoord Kompas aan sy verklaarde doel?	10. Wat is u leeftyd?
3. Hoe help Kompas u om uself op te bou in die geloof?	11. As u Kompas klaar gelees het, wat doen u daarmee?
4. Hoe aktueel of relevant is die temas vir u / u gesin?	12. Dui asb. aan hoekom u op Kompas ingeteken het.
5. Hoe aktueel of relevant is die artikels vir u / u gesin?	13. Watter soort onderwerpe vir artikels sou u verkies?
6. Hoe leesbaar is die artikels?	14. As u nie die laatste uitgawe van Kompas sou ontvang het nie, wat sou u waarskynlike reaksie wees?
7. Hoe beoordeel u die diepgang van die artikels?	15. Sou u as skrywer wil bydra aan Kompas?
8. Hoe intensief lees u Kompas?	

Wat se die lesers?

Al die resultate van die lesersopname word in Tabel 2 gepresenteer. Die eerste sewe vrae val onder die kategorie 'algemeen' en kon met variasies van 'uitstekend', 'goed', 'matig' en 'swak' beantwoord word. In dié kategorie is die aantal lesers wat met 'uitstekend' en 'goed' geantwoord het gelys. Byvoorbeeld, 39 van die 45 lesers uit Pretoria en 17 van die 25 lesers uit Kaapstad het 'n goeie algemene in-

druk van die blad. Die items is verder gesorteer van hoogste na die laagste persentasie van lesers. Weer by wyse van voorbeeld: 41 van die 70 lesers, of 59% van alle lesers stem saam dat hul op Kompas ingeteken het vir geestelike opbou, terwyl 70% van alle lesers artikels oor Bybelse agtergronde sal verkies. Waar meer as die helfte van die lesers op 'n items gereageer het is dit donkerder gemerk.

Tabel 2: Resultate van die lesersopname

Kategorie	Item	Pretoria		Kaapstad		Totaal	
		#	%	#	%	#	%
		45		25		70	
Algemeen	Algemene indruk van blad	39	87%	17	68%	56	80%
	Leesbaarheid artikels	32	71%	21	84%	53	76%
	Beantwoord aan doel	34	76%	18	72%	52	74%
	Aktueel/relevansie tema's	34	76%	16	64%	50	71%
	Diepgang artikels	30	67%	15	60%	45	64%
	Aktueel/relevansie artikels	29	64%	14	56%	43	61%
	Opbou in die geloof	20	44%	10	40%	30	43%
Ouderdom	Ouers as 50 jaar	26	58%	17	68%	43	61%
	Tussen 25 - 50 jaar	19	42%	8	32%	27	39%
	Onder 25 jaar	2	4%	0	0%	2	3%
Aantal	2 lesers	25	56%	16	64%	41	59%
	1 lesers	14	31%	9	36%	23	33%
	3 lesers	3	7%	0	0%	3	4%
	4 lesers	3	7%	0	0%	3	4%
Intensiewe lees	Gedeeltelik	27	60%	9	36%	36	51%
	Volledig	18	40%	14	56%	32	46%
	Snuffel deur	0	0%	2	8%	2	3%
Gebruik	Bewaar	33	73%	8	32%	41	59%
	Gee deur	6	13%	11	44%	17	24%
	Gooi weg	5	11%	5	20%	10	14%
Hoekom ingeteken	Geestelike opbou	27	60%	14	56%	41	59%
	Kerklik mee leef	24	53%	11	44%	35	50%
	Gereformeerde inligting	20	44%	9	36%	29	41%
	Interessante artikels	18	40%	4	16%	22	31%
	Samelewing	10	22%	2	8%	12	17%
	Solidariteit	6	13%	6	24%	12	17%
	Vir ons kinders	5	11%	1	4%	6	9%
	Vir ander om te lees	1	2%	3	12%	4	6%
	Eendag interessant	2	4%	1	4%	3	4%
Artikels verkies	Bybelse agtergronde	29	64%	20	80%	49	70%
	Kerklike sake	28	62%	14	56%	42	60%
	Maatskaplik	24	53%	17	68%	41	59%
	Natuur/Skepping	24	53%	13	52%	37	53%
	Etiek	19	42%	16	64%	35	50%
	Opvoedkunde	24	53%	10	40%	34	49%
	Onderhoude	20	44%	11	44%	31	44%
	Medies	20	44%	8	32%	28	40%
	Politiek	13	29%	13	52%	26	37%
	Geskiedenis	14	31%	8	32%	22	31%
	Teologie	10	22%	9	36%	19	27%
	Kuns/Kultuur	11	24%	8	32%	19	27%
	Wetenskap	7	16%	5	20%	12	17%
	Ekonomie	7	16%	5	20%	12	17%
	Tegniek	9	20%	2	8%	11	16%
	Filosofie	6	13%	3	12%	9	13%
Ander	0	0%	2	8%	2	3%	
As nie ontvang	Sou mis	39	87%	13	52%	52	74%
	Sou nie agterkom	5	11%	6	24%	11	16%
	Spaar 'n boom	0	0%	1	4%	1	1%

Die gemiddelde Kompas leser voel of baie sterk (meer as twee-derdes toon dit aan), sterk (die helfte tot twee-derdes), matig (meer as 'n derde maar minder as die helfte) of glad nie sterk (minder as 'n derde) oor sekere sake. Lesers het baie sterk op die items soos gelys in Tabel 3 gereageer.

Tabel 3: Items waarop Kompas lesers baie sterk reageer (meer as twee-derde van die lesers)

Kategorie	Item	Pretoria		Kstad		Totaal	
		#	%	#	%	#	%
Algemeen	Algemene indruk van die blad	39	87%	17	68%	56	80%
Algemeen	Leesbaarheid artikels	32	71%	21	84%	53	76%
Algemeen	Beantwoord aan verklaarde doel	34	76%	18	72%	52	74%
As nie ontvang	Sou mis	39	87%	13	52%	52	74%
Algemeen	Aktueel/relevansie tema's	34	76%	16	64%	50	71%
Artikels verkies	Bybelse agtergronde	29	64%	20	80%	49	70%

Oor die algemeen is daar onder 80% van die lesers 'n positiewe indruk van die blad en byna driekwart stem saam dat die blad beantwoord aan haar verklaarde doel om rigtingwyser te wees vir die gereformeerde lewe. 74% van alle lesers sou Kompas mis as dit te laat of nie uitgegee word nie. Die artikels word deur die oorgrote meerderheid (76%) as goed leesbaar beskou, en die temas word as relevant en aktueel beskou (71%). Daar is 'n baie sterk indikasie (70% van alle lesers) dat artikels oor Bybelse agtergronde in die Kompas duidelik op sy plek is.

Tabel 4: Items waarop Kompas lesers sterk reageer (meer as die helfte maar minder as twee-derdes van die lesers)

Kategorie	Item	Pretoria		Kstad		Totaal	
		#	%	#	%	#	%
Algemeen	Diepgang artikels	30	67%	15	60%	45	64%
Algemeen	Aktueel/relevansie artikels	29	64%	14	56%	43	61%
Ouderdom	Ouers as 50 jaar	26	58%	17	68%	43	61%
Artikels verkies	Kerklike sake	28	62%	14	56%	42	60%
Aantal	2 lesers	25	56%	16	64%	41	59%
Gebruik	Bewaar	33	73%	8	32%	41	59%
Hoekom ingeteken	Geestelike opbou	27	60%	14	56%	41	59%
Artikels verkies	Maatskaplik	24	53%	17	68%	41	59%
Artikels verkies	Natuur/Skepping	24	53%	13	52%	37	53%
Intensiewe lees	Gedeeltelik	27	60%	9	36%	36	51%
Hoekom ingeteken	Kerklik meeleeft	24	53%	11	44%	35	50%
Artikels verkies	Etiek	19	42%	16	64%	35	50%

In Tabel 4 word die items gelys waarop Kompas lesers sterk gereageer het. Die positiewe terugvoer oor die blad in sy algemeen is verder sterk aangedui deur lesers wat saamstem dat die diepgang van artikels goed is (64% van die lesers) en dat die artikels aktueel en relevant is (61%). Beduidend meer as die helfte van die lesers dui ook aan dat hulle op Kompas ingeteken het om geestelik opgebou te word (59%) en die helfte omdat hulle kerklik wil meeleeft. Die lesers het ook 'n spesifieke voorkeur vir artikels oor kerklike sake (60%), maatskaplike onderwerpe (59%), natuur en skepping (53%) en etiek (50%). Dit is insiggewend dat 61% van die lesers ouer as 50 jaar is, dat 59% van alle Kompas uitgawes slegs deur 2 lesers gelees word, en daarby deur meer as die helfte slegs gedeeltelik (51%). Tot sowat 59% van alle lesers bewaar hulle Kompas uitgawes.

Tabel 5: Items waarop Kompas lesers matig reageer (meer as 'n derde maar minder as die helfte)

Kategorie	Item	Pretoria		Kstad		Totaal	
		#	%	#	%	#	%
Artikels verkies	Opvoedkunde	45		25		70	
Intensiewe lees	Volledig	24	53%	10	40%	34	49%
Artikels verkies	Onderhoude	18	40%	14	56%	32	46%
Algemeen	Opbou in die geloof	20	44%	11	44%	31	44%
Hoekom ingeteken	Gereformeerde inligting	20	44%	10	40%	30	43%
Artikels verkies	Medies	20	44%	9	36%	29	41%
Ouderdom	Tussen 25 - 50 jaar	20	44%	8	32%	28	40%
Artikels verkies	Politiek	19	42%	8	32%	27	39%
Aantal	1 leser	13	29%	13	52%	26	37%
		14	31%	9	36%	23	33%

In Tabel 5 word items gelys waarop Kompas lesers matig gereageer het. 'n Beduidende resultaat is dat slegs 43% van alle lesers voel dat die Kompas hulle goed help in die opbou van hul geloof. Artikels wat nog relevant mag wees, maar deur minder as die helfte van die lesers aangedui word, handel oor opvoedkunde (49%), onderhoude (44%), medies (40%) en politiek (37%). Daar is 46% van alle lesers wat die blad volledig deurlees en 41% het aangedui dat hulle op die blad ingeteken het om gereformeerde inligting te bekom. Slegs 39% van alle lesers is in die ouderdomsgroep 25-50 jaar en 'n derde van alle Kompas uitgawes word net deur een persoon gelees.

Tabel 6: Items waarop Kompas lesers glad nie sterk gereageer het (minder as 'n derde)

Kategorie	Item	Pretoria		Kstad		Totaal	
		#	%	#	%	#	%
		45		25		70	
Hoekom ingeteken	Interessante artikels	18	40%	4	16%	22	31%
Artikels verkies	Geskiedenis	14	31%	8	32%	22	31%
Artikels verkies	Teologie	10	22%	9	36%	19	27%
Artikels verkies	Kuns/Kultuur	11	24%	8	32%	19	27%
Gebruik	Gee deur	6	13%	11	44%	17	24%
Hoekom ingeteken	Samelewing	10	22%	2	8%	12	17%
Hoekom ingeteken	Solidariteit	6	13%	6	24%	12	17%
Artikels verkies	Wetenskap	7	16%	5	20%	12	17%
Artikels verkies	Ekonomie	7	16%	5	20%	12	17%
Artikels verkies	Tegniek	9	20%	2	8%	11	16%
As nie ontvang	Sou nie agterkom	5	11%	6	24%	11	16%
Gebruik	Gooi weg	5	11%	5	20%	10	14%
Artikels verkies	Filosofie	6	13%	3	12%	9	13%
Hoekom ingeteken	Vir ons kinders	5	11%	1	4%	6	9%
Hoekom ingeteken	Vir ander om te lees	1	2%	3	12%	4	6%
Aantal	3 lesers	3	7%	0	0%	3	4%
Aantal	4 lesers	3	7%	0	0%	3	4%
Hoekom ingeteken	Eendag interessant	2	4%	1	4%	3	4%
Ouderdom	Onder 25 jaar	2	4%	0	0%	2	3%
Intensiewe lees	Snuffel deur	0	0%	2	8%	2	3%
Artikels verkies	Ander	0	0%	2	8%	2	3%
As nie ontvang	Spaar 'n boom	0	0%	1	4%	1	1%

Tabel 6 lys die items waarop minder as 'n derde van die lesers gereageer het. Opvallend weinig lesers verkies artikels oor geskiedenis (31%), teologie (27%), kuns/kultuur (27%), wetenskap (17%), ekonomie (17%), tegniek (16%), filosofie (13%) oor ander sake (3%). Net minder as 'n kwart (24%) van alle lesers gee die Kompas deur aan ander om te lees, terwyl 14% dit weggooi. Minder algemene redes waarom mense op Kompas inteken is ook vir die interessante en stimulerende artikels (31%), artikels wat hul help om die samelewing beter te verstaan (17%), uit solidariteit met kerklike aktiwiteite (17%), omdat dit goeie artikels bevat vir hul kinders (9%), vir ander om te lees (6%), en omdat hul hoop om eendag daarin iets interessants te lees (4%). Tot 16% van alle lesers toon aan dat hulle nie sou agterkom as hulle die laatste uitgawe van Kompas nie ontvang het nie, maar net 1% toon aan dat dit goed sou wees omdat dan meer bome gespaar word. Slegs 3% van Kompas lesers is jonger as 25 jaar. Slegs 4% van alle Kompas uitgawes word deur soveel as 3 of 4 mense gelees.

Is daar verskille tussen Pretoria en Kaapstad lesers?

Indien die verskil tussen die persentasie lesers in Pretoria en Kaapstad wat op 'n bepaalde item gereageer het groter as 15% is, is dit in Tabel 7 gelys. Die grootste enkele verskil is wat Pretoria en Kaapse lesers met die blad doen as hulle dit klaar gelees het. Kapenaars gee meer die blad deur vir ander om te lees terwyl Pretorianers dit êrens bewaar. Pretoria se lesers sou die blad ook baie meer mis as die Kapenaars, maar as die Kapenaars Kompas kry lees hulle dit dan ook meer volledig deur. Die Kapenaars het 'n beduidende voorliefde vir spesifieke artikels oor maatskaplike, etiese en politiese sake, asook oor Bybelse agtergronde, terwyl Pretorianers weer baie meer verwag dat Kompas oor die algemeen interessante artikels moet publiseer. Oor die algemeen het Pretorianers 'n heelwat beter algemene indruk van die Kompas as die meer kritiese Kaapstad-lesers.

Tabel 7: Verskille tussen Pretoria en Kaapstad lesers

Kategorie	Item	Pta		Kstad		Var
		#	%	#	%	
		45		25		
Gebruik	Bewaar	33	73%	8	32%	41%
As nie ontvang	Sou mis	39	87%	13	52%	35%
Hoekom ingeteken	Interessante artikels	18	40%	4	16%	24%
Intensiewe lees	Gedeeltelik	27	60%	9	36%	24%
Algemeen	Algemene indruk van die blad	39	87%	17	68%	19%
Artikels verkies	Maatskaplik	24	53%	17	68%	-15%
Artikels verkies	Bybelse agtergronde	29	64%	20	80%	-16%
Intensiewe lees	Volledig	18	40%	14	56%	-16%
Artikels verkies	Etiek	19	42%	16	64%	-22%
Artikels verkies	Politiek	13	29%	13	52%	-23%
Gebruik	Gee deur	6	13%	11	44%	-31%

Wat beteken dit vir die bestaan en verbering van Kompas?

Dit is interessante statistieke en gee heelwat stof vir verdere aksie om die blad te verbeter en nog meer relevant te maak. Ek noem net 'n viertal sake wat belangrik genoeg is om krities te beskou en waar moontlik aan te spreek.

Ten eerste, daar is 'n spanningsveld tussen lesers se verwagtings van die Kompas en die impak wat die blad op hul geloofsgroei het. Byna 60% van alle lesers het uit tien moontlike redes om op Kompas in te skryf, aangetoon dat hulle geestelik opbouende artikels soek. Slegs 43% van alle lesers het aangetoon dat Kompas hulle help om in die geloof gebou te word. Tog het 80% van alle lesers 'n goeie algemene indruk van die blad. Is lesers besig om hulle verwagtings af te skaal? Waarom? Gereformeerde lewe is mos niks anders as 'n geestelik opbouende lewe nie? Is Kompas nog 'n rigtingwyser vir so 'n lewe in geloof?

Tweedens, alhoewel die oorgrote meerderheid positief gereageer het op vrae wat oor die leesbaarheid, diepgang en relevansie van artikels gaan, is dit wel die items wat van die meeste geskrewe reaksies opgelewer het. Verskeie lesers het opgemerk dat die artikels dikwels te hoogdrawend of swaar is, van swak gehalte is of sleg vertaal is, nie genoeg prikkel nie, of dat artikels te lank is. Gegewe die aantal lesers wat aangetoon het dat die leesbaarheid van die artikels matig of te moeilik is sou mens kon aflei dat ongeveer 1 uit elke 4 lesers hierdie sentimente deel.

Derdens, dit is baie duidelik dat Kompas nie 'n gesinsblad

is nie. In minder as 1 uit 10 gevalle word Kompas deur 3 of meer lesers gelees, en meer as 'n derde van die lesers stel dat die relevansie van die artikels vir hulself en hul gesin matig of swak is. Ook word Kompas oorwegend deur ouer mense gelees, selfs diegene in die ouderdomsgroep 25-50 jaar tel maar net-net meer as 'n derde van die lesers.

Vierdens, daar is 'n redelike risiko dat sowat 20% van die lesers al minder die blad sal begin lees, en 'n groot risiko dat tussen 5% en 8% van die lesers nie meer op die blad sal inskryf nie. In die eerste geval is dit die groep wat maar 'n matige indruk van Kompas het en in die tweede geval is dit die aantal lesers wat aantoon dat artikels te moeilik is en/of dat hulle hoegenaamd nie opgebou word in die geloof nie.

Groot waardering, maar belangrike uitdagings

Kompas word deur die oorgrote meerderheid met waardering gelees. Verskeie lesers het hul groot waardering uitgespreek vir die onbaatsugtige werk wat deur redaksie, skrywers en ander medewerkers gedoen word. Tog is daar 'n paar sake wat verbeter kan word, en as mens opmerk dat van hierdie sake te make het met geloofsopbou en geestelike groei is dit seker nie almal ewe onbenullig nie. Dat tagtig persent van die lesers 'n goeie algemene indruk van Kompas het sal verseker 'n riem onder die hart van die redaksie wees, maar dit beteken ook dat 1 uit elke 5 lesers hulle bedenkinge het. Hier lê 'n groot uitdaging aan die redaksie van Kompas en die Stigting Woord en Wandel. □



Vergeer, W C: Konkordansie van die belydenisskrifte

-Die gedagte aan 'n konkordansie by die belydenisskrifte in Afrikaans is in 1995 uit verskeie behoeftes gebore. Onder andere uit die behoefte van lidmate in die algemeen en belydeniskatgisante en kerkraadslede in die besonder, om by wyse van 'n vinnige naslaanwerk die Gereformeerde belydenis toeganklik te hê. Ook uit die behoefte om in die kategismusprediking 'n breër verwysingsraamwerk as net die Heidelbergse Kategismus te kan gebruik. Die boek het verskyn as 'n supplementum van die tydskrif In die Skriflig. (201 bladsye – R 52)

Van Niekerk, Lana: In my winter blom genade

Hierdie publikasie bevat 40 eerlike grepe uit een vrou se hersteltyd na kanker. Geskryf met insig en humor. “ Ek het hierdie boek geskryf, nie net om my stukkie pad van kwelling, liefde, gebede en genade te deel nie, maar ook om praktiese gedagtes en Bybelse insette aan ander deur te gee...”(137 bladsye – R 65)

Brandt, Marianna: Die stoutsterte - poot aan wal

'n Pragtige nuwe kinderboek vir kinders van 8 –11. Dit is ook lekker voorlees materiaal. Hierdie is die tweede boek oor die avonture van die twee muisgesinne, die Van

Stertens en die Kaapse, wat in die eerste boek saam met Jan van Riebeeck op die Drommedaris op 6 April 1652 uit Texel in die Kaap aangekom het. Skielik moet die klomp Europese grysmuise aanpas in 'n nuwe land vol onsekerhede, gevare en 'n tekort aan ordentlike muiskos. 'n Interessante kenmerk van Brandt se boeke is juis dat die stories op ware feite gebaseer is. Die feite word so lekker verdoesel dat die jong lesers nie eers agterkom hulle leer eintlik baie in die proses nie.(184 bladsye – R 80)

Die stoutsterte - van Texel tot Tafelbaai (Boek 1)
- (147 bladsye – R 70)

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad

Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883

Pretoria

Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandrallaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 – 333 8064



Ore kry oë terwyl ek luister

Erik van der Linden

SKOOLSAKE

In die afgelope Junie-vakansie was 'n aantal Vrye Gereformeerde onderwysers en studente van Bellville, Belhar, Bethal en Pretoria so bevoorreg om 'n werkswinkel by te woon by Silkaatsnek, Pretoria. Danksy 'n reuse borg van een van ons broeders uit Amerika, was dit vir ons moontlik om twee bekendes in internasionale gereformeerde onderwyskringe, mnre Apko Nap en Piet Torenvliet, uit te nooi as gassprekers. Die tema: "Storytelling" – die vaardigheid om te vertel.

Daar staan 'n man op 'n lae heuweltjie naby die waters van die Jordaanrivier. Oral rondom hom is die droë sanderige woestynvlakte. Is hy alleen? Nee, hy is nie, want 'n skare mense van verskillende vlakke van die samelewing, staan rondom hom.

Dit is baie stil. Die stilte is amper vreesaanjaend. Almal wag. Hulle luister... Dan maak die man sy mond oop en praat met 'n kragtige streng stem: "Bekeer julle! Bekeer julle!"

Sy donker oë kyk vurig na hulle. Tog kan 'n mens in sy oë duidelik die liefde vir sy mense raaksien. "Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom!"

Wie is hierdie man?

Hy is nie baie oud nie. Ongeveer dertig. 'n Growwe mantel van kameelhare hang oor sy skouers en 'n leer gordel bind dit om sy middel vas. 'n Eenvoudige man in elke sin van die woord. Daar word gesê dat hy soos die armes sprinkane eet en dat hy heuning soek wat swerms wilde bye in die rotsskeure maak. Tog luister die mense na hom.

"Hy is 'n profeet," fluister sommige. "Daar is 'n nuwe profeet in ons midde." Hulle dink terug aan die ou dae waarvan hulle vertel is of wat hulle gelees het in die heilige boeke, toe God self met sy kinders gepraat het deur profete.

Hulle dink aan Elia, Jesaja, Jeremia en baie ander. "Het Elia weer opgestaan?" fluister hulle. "Is dit weer 'n stem uit die hemel?"

O, die vreesbevange luisteraars hou die man eerbiedig dop. "Is hy die Messias?" fluister ander. "Kan hy dalk die Messias wees wat sal kom, die Verlosser wat God belowe het aan sy mense van die begin af?"

"Sal hy hulle verlos van hul aarts-vyande, die Romeine? Sal hy hulle weer hul vryheid teruggee?"

Maar waarom kyk hy hulle dan so streng aan en waarom klap sy woorde dan soos 'n sweep? Waarom dan die harde en dreigende woorde?

"Die byl lê al teen die wortels van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, sal uitgekap en in die vuur gegooi word.

Ek doop julle wel met water tot bekering, maar Hy wat na my kom, is sterker as ek. Ek is nie eens waardig om sy skoene te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.

Sy skop is in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in sy skuur saambring. Maar die kaf sal Hy met onuitblusbare vuur verbrand."

Terwyl u dit gelees het, kon u die man langs die Jordaan sien staan? Het u deel geword van die skare wat eerbiedig na hom geluister het. Het sy woorde u in die hart gegryp? Het u aangespreek gevoel deur dit wat u gelees het? Indien wel, het u ore oë gekry terwyl u geluister het?

Dit was dan ook die hooftema van die afgelope gereformeerde onderwyskongres wat in Pretoria gehou is.

In die verlede was vertellings baie belangrik. Dit was die medium waardeur mense hul geskiedenis aangeleer het, waardeur geskille opgelos is en wat die mense gebruik

het om sin te maak uit die alledaagse lewe. Daarna het die geskrewe woord gekom met al sy misterieuse simbole. Vir 'n wyle het alleen die rykes en bevoorregtes toegang hier-toe gehad, maar vandag word ons toegegooi onder boeke, pamflette, memo's, konstitusies en ontbyt-pap-houers. Ontelbare soorte geskifte het verskyn. Die vermoë om te lees en te skryf het by verre die oorhand gekry en vertellings is, soos die eenvoudige jongste broer in baie sprokiesverhale, eenkant toe gestoot en as sinloos beskou.

Ook in ons opleiding as onderwysers het bogenoemde duidelik na vore gekom. Aan die vaardigheid om verhale te vertel is weinig of geen aandag gegee nie.

Tog begin daar in die afgelope tyd 'n opflikkering kom in die belangstelling in hierdie vaardigheid. Veral in die gereformeerde onderwyskringe en opleidingsentrums oorse word steeds meer aandag gevra vir die waarde van goeie opleiding in hierdie verband.

Maar waarom en waarom word daar so 'n ophef hieroor gemaak?

'n Vertelling is nie dieselfde as om 'n verhaal hardop voor te lees, die voordra van 'n gedeelte of die uitbeeld van een of ander drama nie. Alhoewel dit wel sekere karakter-eienskappe deel. Vertellings is veel meer. Deur oogkontak, gebruik van 'n variasie in stemtoon en gebare komponeer die verteller en sy gehoor saam hulle verhaal. Die verteller dra die prentjies wat hy in sy kop sien, oor aan sy gehoor, wat deur hul luister, fronse, verwondering in hul oë, glimlagte, vorentoe geleun en selfs slaap aan die verteller laat weet met watter tempo hy moet voortgaan, of hy moet uitbrei en of hy moet afsluit.

Elke luisteraar en verteller teken in hulle gedagte sekere prentjies wat hulle assosieer met die woorde, gebare en geluide van die verhaal.

Die ondervinding stimuleer hul denke en raak die emosies van beide die verteller en luisteraar. Hierdeur word die vaslegging van beide die boodskap en die inhoud versterk. Opvoeding en onderrig - die uiteindelijke doel van onderwys!

Hoe behoort hierdie vaardigheid in Bybelonderrig gebruik te word?

Ons doel in Bybelverhale behoort dieselfde doel te wees as God se bedoeling om dit vir ons te laat neerskryf in sy Woord. God het die verhale laat neerskryf sodat ons mag glo. Selfs in die klasse waar die kinders reeds glo, moet die verhaal gebruik word om hulle tot geloof te lei, uit te brei en te versterk. Om dit goed te doen is drie vereistes baie belangrik:



Eerstens moet ons die hele Bybel sien as God se Woord. Sy openbaring van Homself aan sy kinders. Dit beteken dat ons in die verhaal van Josef nie moet fokus op Josef as die hoofkarakter in die verhaal nie. Die fokus behoort te lê op God se openbaring tot en behoud van sy volk. So 'n beklemtoning leer die kinders om God te vrees eerder as om op Josef te fokus as 'n morele voorbeeld.

Tweedens openbaar God Homself as die Middelaar. Wanneer ons nie bogenoemde in gedagte hou nie, sal ons maar moeilik die geskiedenis van God se Woord kan verduidelik. Die verhaal van die verskillende individue in die Bybel moet daarom in die ware konteks geplaas word. Hulle verhale word vertel in God se Woord. Die Woord waarin Hy Christus openbaar.

Derdens is dit belangrik dat die klem in ons onderwys nie moet val op God se redding van hierdie of daardie individu nie, maar eerder op God se verhouding met sy volk as geheel. Die hoofdoel van die verhaal van Josef is nie wat God vir Josef beteken het nie, maar wat Hy beteken het vir

sy volk deur Josef. 'n Volk wat pas begin het in die tente van Jakob.

Dit beteken egter nie dat ons verhale lesings in teologie moet wees nie. Soos ons die verhaal vertel, moet dit begin lewe. Dit moet die kinders intrek en hulle betrokke maak. Nie betrokke in die avonture van individue nie, maar in die historiese ontvouing van God se openbaring oor Homself en die mens se reaksie daarop. Ons moet die kinders vertel van God se groot daade.

Met die afgelope onderwyskongres het ons weer bewus geword van ons groot taak teenoor sy verbondskinders. Ons is dankbaar teenoor ons Verbondsgod vir sy dienaars wat Hy gestuur het om ons in dié vaardigheid op te lei. Ons is ook dankbaar vir die finansiële middele wat Hy deur middel van borgskappe aan ons beskikbaar gestel het en wat ons ruim uit plaaslike en internasionale broeders en susters se hande mag ontvang.

Mag hierdie vaardigheid ons help om sy lammers beter te laat wei. Soli Deo Gloria! ☐

Om hulle in hierdie leer te onderrig en te laat onderrig...

Heleen Snijder

OPVOEDING EN ONDERWYS

“Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?”

Nee, maar slegs dié wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem.” (vr en antw 20 van die Heidelbergse Kategismus)

Ons weet almal dat ons nie geloof aan ons kinders kan gee nie. Geloof word deur die Heilige Gees bewerk. Dit neem egter nie ons verantwoordelikheid weg nie. By die doop van ons kinders het ons aan God en sy gemeente belowe dat ons ons kinders in die geloof sal onderrig. In dié artikel wil ek probeer om 'n paar gedagtes oor geloofsopvoeding weer te gee.

In handboeke sien ons dikwels prente wat die leerinhoud verduidelik. So verstaan die kinders dit wat geleer moet

word, beter. By geloofsopvoeding werk dit ook so. Die ouers is die prentjies. Dit wat ons doen of nie doen nie, beïnvloed die geloofslewe van ons kinders. Ek sal 'n paar voorbeelde gee.

God is ons Vader. Hoe weet 'n kind wat 'n vader is? Hy leer dit by sy eie pa. 'n Kind wat geborgenheid by sy vader ervaar, sal ook by God veilig voel. 'n Kind moet veilig en geborge voel by sy ouers. Hy kan sy ouers volledig vertrou. Kinders wat dit nie geleer het nie, vind dit as volwassenes moeilik om hom in vertroue aan God oor te gee.

God se Vaderliefde is onvoorwaardelik. Ons kan dit vir 'n kind sê, maar 'n kind sal hierdie begrip nie verstaan nie. Ons moet dit vir die kinders leer. Is ons liefde vir die kinders on-

voorwaardelik? Hou ek van my kind soos hy is, of moet hy eers 'n bietjie verander? Stel ons voorwaardes aan ons liefde? Ons moet ook oppas dat ons nie te hoë prestasies/eise, op watter gebied dan ook, van ons kind verwag nie. Dit kan die kind die idee gee dat hy eers iets goeds moet doen voordat sy ouers van hom hou. Dit kan by die kind die gedagte laat ontstaan dat God ook eers iets van hom verwag voordat Hy van hom hou.

Die kerk is die bruid van Christus. Die liefde wat God vir ons as sy kinders voel, is baie groot, so groot soos die liefde tussen man en vrou. Die liefde is so groot dat Christus selfs vir ons sondes betaal het. Hierdie begrip “liefde” leer kinders weer by die huis. Ons kinders moet

ervaar dat ons as ouers van mekaar hou. Dan sal hulle ook die grootheid van God se liefde vir ons verstaan.

Ons eie geloofslewe is 'n voorbeeld vir kinders. Wat beteken God in ons lewe? Watter plek het God in ons daaglikse lewe? Leef ons uit Christelike tradisies, uit sleur? Is ons lewe so gejaagd dat ons by God verbyhardloop? Dan is ons geloof leeg. Die kinders kom dit agter. Ons voorbeeld sal hulle dan van God laat weg dwaal.

Of is ons vol van God se trou, liefde en grootheid? Probeer ons, met gebreke, te lewe tot God se eer? Wandel ons met God? Dit sal die kinders ook sien. Hulle sal agterkom dat dit nie net woorde is nie, maar ook dade.

In bostaande voorbeelde het ons gesien hoe belangrik ons voorbeeld is. Die moeilikste is dat ons 24 uur per dag die regte voorbeeld moet gee. Om kinders groot te maak, is nie 'n maklike taak nie. Ons moet vir God krag vra om dit heeldag vol te hou.

Behalwe ons voorbeeld moet ons ook met die kinders oor God praat. Ons moet hulle die Bybel leer ken. Vanuit die Bybel leer ons God ken. Om God lief te hê, moet ons Hom eers leer ken. Hierdie taak kom ook voort uit die doopbelofte wat ons gemaak het.

Daar is verskillende lewensperiodes in 'n kind se lewe. Elke periode het sy eie moontlikhede wat betref die geloofsopvoeding.

Baba tot kleuter (0-4 jaar)

In hierdie tyd word daar nog nie bewus veel aan geloofsopvoeding gedoen nie. Die kinders volg alles na wat die ouers doen. Hulle leer deur die voorbeeld van hulle ouers. Met Bybellees wil hulle ook 'n Bybel voor hulle hê. Ons kan hulle maklike gebedjies, geestelike liedjies en Psalms leer. Hulle sal dit nog nie alles verstaan nie, maar hulle voel veilig met hierdie dinge. Op dié ouderdom is kinders sfeergevoelig. Ook nou al moet ons sorg vir die sfeer van geborgenheid. Hierdie periode is die voedingsbodem vir geloofsopvoeding.

Kleuterleef tyd (4-7 jaar)

Die kleuterleef tyd is vir die geloofs-

opvoeding van groot belang. 'n Mens kan dit 'n "gevoelige" periode noem. Die kleuter is gevoelig vir nuwe ervarings en ontdekkings en sal dit in sy spel verwerk. Die kleuter het 'n oop houding ten opsigte van verhale. Deur die Bybelverhale wat ons vir die kleuter vertel, ontstaan daar 'n band met die Here Jesus en met God die Vader. Die kinders begin van God hou as gevolg van die verhale. Hulle kan nie glo dat daar mense is wat nie van God hou nie.

Kleuters hou van enige soort verhaal. In hul belewingswêreld is alles moontlik. 'n Sprokie is vir hulle ook 'n ware verhaal. Ons moet verstandig hiermee omgaan. Ons moet altyd vir die kind duidelik maak dat die Bybelverhale ware verhale is, maar dat sprokies versinsels is. Dit het nie regtig gebeur nie. Dit kan gebeur dat, wanneer 'n kind agterkom dat die tandemuis nie regtig bestaan nie, hulle dink dat die Here Jesus dan seker ook maar nie bestaan het nie. Sorg dus altyd dat die kind aanvoel dat enige verhaal iets anders is as die Bybel.

Die laerskoolkind (7-12 jaar)

In die sesde/sewende jaar is daar 'n verandering in die gedagte-wêreld van die kind. Tot nou toe het hulle onvoorwaardelik geglo wat die volwassenes vir hulle sê. Nou raak hulle krities. Hulle begin vrae vra om agter te kom of dit wel waar is wat vertel word. Hulle het God mos nog nooit gesien nie. As ons in die kleuterleef tyd nie duidelik 'n verskil tussen die Bybel en ander verhale gemaak het nie, kan daar nou 'n probleem ontstaan. As Doringrosie nie bestaan het nie, waarom sou God dan wel bestaan?

Die spontaniteit van 'n kleuter verdwyn in sy sesde jaar. Die kind kom agter dat ander hom met hulle eie oë bekyk. Die kind wil nie hê ander moet dink hy is anders nie, daarom sal hy nie meer spontaan reageer nie. Die kind sal net spontaan oor die Here praat met mense waarvan hy weet dat hulle net soos hy dink.

Ook in hierdie periode is die opvoedingsklimaat belangrik. Moenie net

die verkeerde in die kind sien nie, moenie net straf nie. Sien ook die positiewe raak, gee ook komplimente. In 'n omgewing waar net met 'n kind geraas word, kan nie Bybel gelees en gebid word nie.

Kinders van hierdie ouderdom het die vermoë om met hulle geheue te werk. In hierdie periode kan hulle maklik iets memoriseer. Dit is die periode waartydens gesorg moet word dat die kind Bybelkennis verkry.

Die tiener (12-18/21 jaar)

Vanaf die twaalfde jaar begin die tienerjare, 'n stormagtige periode. Die kenmerkende van hierdie tyd is verandering. Liggaam en gees is besig om te verander. Behalwe liggaamlike verandering is daar verandering op sielkundige vlak. Baie tieners dink niemand hou van hulle nie. Dikwels ontaard gesprekke tussen ouers en kinders in 'n woordesstryd. Die tiener vergelyk hulle gesin met dié van hulle vriende. By die vriende is dit natuurlik beter.

'n Mens hoef nie bekommerd te wees oor die woordesstryd wat ontstaan nie. 'n Tiener is besig om sy eie mening te ontwikkel. As hulle dan met hulle ouers praat, sal hulle teëpraat. Die ouers moet wel met goeie argumente kom. Die kind luister beslis na hierdie argumente. As daar op 'n dag by die skool oor dieselfde onderwerp gepraat word, sal die kind die argumente van sy ouers gebruik. Ouers het dus beslis nog 'n groot rol in die opvoeding van die tiener.

Vir 'n tiener is dit belangrik om deel van die groep te wees. Die stryd rondom deel wees van die groep, neem al sy aandag in beslag. Daarom moet die kind tuis veilig voel, sodat hy daar kan ontspan. 'n Positief-Christelike lewenstyl, met die oog vir die goeie van God en met aandag vir die naaste, sal saamwerk aan die harmoniese ontwikkeling van die gevoelslewe.

In sy tienerjare beleef 'n kind baie onsekerheid. Hulle kom in aanraking met allerlei nuwe invloede en inligting. Dit kan via skool, radio, televisie, koerant of boeke kom. Dit kan bots met dit wat hulle oor die Bybel ge-

leer het. Dink bv. aan die Da Vinci-kode, of aan inligting op wetenskaplike gebied. Dan is dit goed dat die kind weet en vertrou dat hy 'n kind van God is. Dit moet hy by die huis ervaar. Ouers moet weet wat in die wêreld van die tiener aangaan om hom te kan help en hulle moet die

kinders leer dat 'n geloofstandpunt nie bewys kan word nie.

Soos ek in die begin van die artikel al genoem het, is geloofsopvoeding nie maklik nie. Ons maak gereeld foute. Maar ook vir die foute is daar vergewing. Geloofsopvoeding is gelukkig nie iets wat ons alleen doen

nie. Ons doen dit saam met God; ons moet altyd ons kinders in die gebed aan God opdra. Ons staan ook nie alleen in die gemeente nie. Ons kan met ander gelowiges oor ons probleme praat, en saam en vir mekaar bid. ☐

Reaksie: “Dooplidmate in fokus by die nagmaalsviering”

Petrie Eefting

BRIEWE VAN LESERS

Met verbasing het ek die artikel onder bogenoemde titel in die *Kompas* van Mei 2006 gelees. Die situasie wat beskryf word, nl. hoe die nagmaal in die gemeente ervaar word, is glad nie die ervaring wat ek beleef nie. Volgens die artikel is die werklikheid dat 'n groot deel van die gemeente die nagmaal nie as positief beleef nie. Boonop word die vreugde in die gesinne gedemp omdat kinders uitgesluit voel by die viering van die nagmaal.

Ek is self 'n geseënde ouer van drie kinders, maar ek kan glad nie van die negatiewe gevoelens getuig nie. Ook in my omgang met baie kinders van die gemeente is dit nooit as negatief beleef en gesien nie. Kinders voel nie uitgesluit nie, want hulle sien hoe hul ouers aan die tafel gaan. 'n Gesin doen immers ook voorbereiding vir die viering van die nagmaal, waartydens die kinders nadink oor die betekenis van die viering van die nagmaal.

Die versekering van die geloof is ook die kyk daarna met geloofsoë in die verkondiging van ons verlossing van ons sonde en straf deur Jesus Christus. Die Woord wat verkondig word, is ook vir die kinders bedoel en sluit hulle nie uit nie. Kinders mag juis deelneem deur goed te luister na dit wat gesê word. As jong gelowiges sal die kinders se geloof daardeur groei en versterk word, al is dit nog hoe kinderlik. Hulle hoor dat die



predikant vra om te neem, te eet, te gedenk en te glo. Soos dit dan uitgespreek word, sal die kinders dit ter harte neem en glo. Pappa en Mamma mag dit neem en eet, maar die hele

gesin mag gedenk en glo. Dis die Heilige Gees wat dit in die kinders werk.

As dit so aan die kinders verduidelik word, dat hulle ook in die erediens teenwoordig mag wees, dat die Heilige Gees ook in hulle werk, dan hoef die kinders glad nie uitgesluit te voel nie. Hoe kan hulle dan uitgesluit voel as hulle mag weet dat Christus ook vir hulle gesterf het, dat die Heilige Gees ook in hulle werk? Ons kinders is deur geboorte ingelyf in die gemeente van Christus en deur die doop kon hulle die teken en seël daarvan ontvang. Nou mag hulle saam met die hele gemeente as oog- en oorgetuies by die nagmaal die verlossing in Christus vier.

Daar is nog een aspek wat ek graag wil noem. In die erediens gaan dit in die eerste plek altyd oor die lof en eer wat God moet en wil ontvang. Dit gaan nie in die eerste plek oor ons wat bevredig moet word nie. Daarom sal in die erediens die verkondiging van die Woord van God altyd sentraal moet staan. Dis Hy wat met ons wil spreek. As die verkondiging van God se Woord maar net 'n onderdeel van die erediens word en op gelyke vlak as sang, gebed, ens, beskou word, is ons op 'n

afdraande pad. Daarom hoef jongmense, sowel as volwassenes, nie daarvan bewus gemaak te word dat die erediens nie 'n geleentheid is om 'n preek te kom hoor nie (aangehaal uit artikel). Die erediens is juis wel daar om God se Woord te hoor verkondig. Deur die prediking van die Woord van God moet ons vertrous, bemoedig, versterk, geleer en vermaan word. Dit is wat die kinders ook moet leer. Deur die gebruik van sakramente kry ons van die Here ook nog sigbare tekens.

As die erediens vervlak word tot 'n plek waar ons as gemeente saam sing, saam doen, saam vier, saam luister, saam bid, staan die Woord van God uiteindelik nie meer sentraal nie, maar dan staan die mens sentraal. Dit gaan dan oor die saam beleef van ... en oor hoe ek dit ervaar, ens. Die stem van God en van sy Woord het dan van ondergeskikte belang geword.

In die gesprek rondom “kinders aan die nagmaal” sal dit in die bespreking altyd moet gaan oor God en sy Woord en die eer wat Hom toekom. As die beleving en gevoelens van dooplidmate belangriker word, is daar 'n groot gevaar van kerklike dwaling. Laat ons mekaar steeds aanspreek vanuit die absolute gesag van God se Woord. Laat ons as ouers steeds weer daarop gerig wees om ons kinders van daaruit te leer en te onderwys, soos ons dit by die doop van ons kinders beloof het.

Hierdie reaksie is te laat ontvang vir plasing in die vorige Kompas - red. ☐

Sinode 2006 van die Free Reformed Churches van Australië

Ds. Mendel Retief

KERKNUUS

Van 10 tot 20 Julie 2006 het die Free Reformed Churches van Australië 'n sinode gehou in West-Kelmscott. Ds Mendel Retief het as afgevaardigde van die VGKSA die sinode bygewoon. Daar het hy op 18 Julie die groete van die VGKSA aan die Australiese susterkerke oorgedra en 'n aantal aspekte van ons huidige kerklike aktiwiteite bekend gestel. Br Bert Veenendaal het 'n bemoeidigende respons op sy toespraak gelewer. Die sinode is o.a. ook bygewoon deur Br Piet Drijfhout van die Gereformeerde Kerken in Nederland (hersteld). Inligting oor die sinode kan gevind word op die webwerf van die FRCA:

<http://frca.org.au/synod/2006/acts/>.

Die sinode het 'n aantal besluite geneem m.b.t. die ontwikkelinge in susterkerke, wat ook van belang is vir ons kerkverband. Hieronder volg 'n kort oorsig van die betreffende besluite van die sinode.

Oor Susterkerkverhoudings

Die sinode het besluit om susterkerkverhoudings voort te sit met die Canadian Reformed Churches, die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt), die Gereformeerde Kerke van Indonesië (GGRI), die Presbyterian Churches van Korea (Kosin) en die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika.

Oor die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) (GKNV)

Met betrekking tot die Vierde Gebod en Sondagsrus besluit die sinode om:

1. met dank vas te stel dat die opdrag aan deputate om ingelig te bly oor die ontwikkelings en besluite van die GKNV oor die strydpunte insake Sabbat/Sondag, voldoende nagekom is en om die gesprekvoering met die GKNV oor hierdie saak voort te sit,
2. Sinode Amersfoort se besluit, wat ons kommer grotendeels besweer, te aanvaar,
3. deputate die toepassing van

hierdie besluit te laat monitor, omdat daar steeds besorgheid is oor die toepassing en duidelikheid van "*Sondag, 'n Heerlike dag. 'n Pastorale Gids*".

Gronde vir die besluite:

- a) Deputate moes lang verslae van die Nederlandse afgevaardigdes bestudeer en het intensiewe gesprekke en korrespondensie met ons Nederlandse susterkerke oor die onderwerp gevoer.
- b) In teenstelling tot die sinodes van Leusden en Zuidhorn, het Sinode Amersfoort die stelling gemaak dat 'maak nie saak hoe jy die Sondagsrus benader nie, beide partye se vertrekpunt lê die gebod om op Sondag te rus'. Dit beteken dat die GKNV tot die gevolgtrekking gekom het dat die Nuwe Testamentiese Kerk se plig om werk op Sondag te staak, gebasseer is op God se gebod.
- c) Sinode Amersfoort erken die noodsaaklikheid om 'daarna te streef, met die oë in gebed op God, om opnuut tot die oortuiging te kom van die viering van die Sondag en haar plek binne 'n Christelike lewenstyl as geheel'. Dit skep die indruk dat ons Nederlandse susterkerke vasbeslote is om aan te dring – op die basis van God se Woord – dat kerklidmate nie op Sondag behoort te werk nie.
- d) Ooreenkomstig die aangenome reëls vir susterkerkverhoudings is dit ons taak om 'mekaar as kerke van God in hierdie wêreld by te staan, te bemoedig en te vermaan'.

Met betrekking tot Egskeiding en Hertrou besluit die sinode om:

1. dankbaarheid te betuig dat ons Nederlandse susterkerke 'n sterk Skriftuurlike standpunt kon inneem met betrekking tot God se onderwysings teen egskeiding en hertrou,

2. spyt te betuig dat, hoewel die kwessie van goedkeuring van egskeidings vir redes buite die Skriftuurlike redes van owerspel en kwaadwillige verlating, nie onderskryf is deur die Sinode van Amersfoort nie en derhalwe stilswyend uitgesluit is, die sinode dit nie uitdruklik so uitgespreek het nie.

Gronde vir die besluite:

- a) Sinode Amersfoort gee, in die goedgekeurde 'Beginsels en Riglyne', streng Skriftuurlike riglyne wat wys hoe egskeiding en die daaropvolgende hertrou 'n ernstige kwaad is en as sodanig deur die kerkrade hanteer moet word.
- b) Sinode Amersfoort het geen uitdruklike riglyne gegee oor die gevaar om in 'n rigting te beweeg wat egskeiding toelaat vir redes buiten owerspel en kwaadwillige verlating nie (Mat. 19 en 1 Kor. 7).

Met betrekking tot die GKNV in die algemeen besluit die sinode om:

1. dank te betuig aan die GKNV vir die openheid en eerlikheid waarmee hulle afgevaardigdes en ons s'n bekommernisse kon bespreek,
2. die GKNV aan te moedig om betekenisvolle dialoog met die Gereformeerde Kerken in Nederland (hersteld) (GKNh) (*die kerke wat voortgekome het uit die "nuwe vrijmaking" - red*) aan te gaan en 'n beter begrip te hê vir hul besorgdheid en besware en om met nederigheid en liefde hierdie besorgdheid volgens Skrif en belydenis te hanteer,
3. besorgdheid uit te spreek oor die rigting wat ingeslaan is in verband met die manier waarop die Skrif en die gebooe verklaar en op vandag se omstandighede toegepas word, in ag genome die besluite geneem deur ons sinodes,
4. deputate o.a. op te dra om met die GKNV die aard en oorsaak wat onderliggend is aan die

rigting wat die kerke inslaan, soos bo uiteengesit, te bespreek, en om met die deputate van die GKNv die bekommernisse te bespreek oor ontwikkelings binne die GKNv, insluitende o.a. die GKNv se omgang met opinies oor hermeneutiek, werk van die Heilige Gees en die toepassing van kerklike tug, asook die invloed van die charismatiese beweging op die GKNv.

Gronde vir die besluite:

- a) Die GKNv gee getuienis van volgehoue trou aan die Woord van God, die Gereformeerde Belydenisse en die Kerkorde.
- b) Deputate kon op 'n goeie en broederlike wyse met mekaar kommunikeer en hulle deputate het ons bekommernisse na die sinodetafel geneem. Dit is in die gees van die reëls vir susterkerkverhoudings waartoe beide kerkverbande hulle verbind het.
- c) FRCA deputate spreek hul kommer uit oor 'n subjektiewe verklaring van die Skrif m.b.t. die GKNv se oorwegings oor huwelik en egskedding wat nie uitdruklik deur die GKNv sinode ontken is nie. D.m.v. boeke, die media en webwerwe het lede binne die GKNv sake van bekommernis uitgelig, insluitend die werk van die Gees en die toepassing van kerklike tug. Hierdie bekommernisse moet ondersoek word.
- a) Die Sinode het besluite geneem oor die vierde gebod, egskedding en hertrou, sakramente in militêre omstandighede, liturgie en gesange.
- b) Om die pad na versoening voor te berei is dit belangrik dat die GKNv aangemoedig word om te werk na versoening met die GKNh op die basis van waarheid, liefde en nederigheid.
- c) Deputate moet volhou om hierdie bekommernisse volgens die reëls van susterkerkverhoudings aan te spreek.

Oor die Gereformeerde Kerken in Nederland (hersteld) (GKNh):

1. Om die besluit te betreur dat sommige lidmate van die GKNv

afgeskei het en die GKNh te stig. So 'n skeiding bring altyd baie droefheid omdat dit gelowiges verdeel wat eers saam om die nagmaalstafel gesit het. Dit bedroef ons Here bowenal, wat vurig gebid het dat die apostoliese getuies een apostoliese kerk sou bou. Verder beteken dit ook dat broeders wat almal die kerk op 'n sterk gereformeerde basis wil hou, nou verdeeld is. Sommiges is in die GKNh en sommige in die GKNv. Dit is 'n jammerte en 'n pynlike saak.

2. Om 'n definitiewe oordeel oor die stellings van die GKNh (soos gemaak in hul brief gedateer 4 Februarie 2005) uit te stel en om die deputate te versoek om verder ondersoek in te stel of die besluit om hulself vry te maak wettig was en om die eer en reputasie van ons Nederlandse susterkerke te verdedig.

Gronde vir die besluite:

- a) Alhoewel ons verstaan dat die GKNh kommer het oor die besluite en rigting van die GKNv, het die inligting wat aan ons verskaf is deur die GKNh nie voldoende verduidelik hoekom die (nuwe) vrymaking op daardie tydstip (2003) moes gebeur nie, asook die manier waarop dit gebeur het. In die verdere ondersoek behoort die uitgebreide werk wat sover deur die deputate gedoen is, sowel as die besluite van die sinode in ag geneem te word. Dit kan gebruik word om die kerk-skeiding in 2003 en die ontwikkelings na 2003 verder te ondersoek.
- b) Alhoewel die "nuwe vrymaking" plaasgevind het in 2003, moet verdere gebeure, insluitende die besluite van Sinode Amersfoort 2005, met die GKNh bespreek word om vas te stel of hulle "nuwe vrymaking" wettig is of nie. Noudat ons kerke besluite geneem het oor sommige van hierdie kritieke areas, behoort ons dit voor te lê aan die GKNh en dit met hulle te bespreek.
- c) Dit is 'n ernstige saak om deformatsie ongehinderd voort te laat gaan, maar dit is ook 'n ernstige

saak om uitmekaar te gaan as dit nie geregverdig kan word nie. Die opdrag om een in Christus te bly (Joh. 17 en Ef. 4), ook as daar ernstige probleme voorkom, soos in Korinte, kan herhaaldelik in die Bybel gelees word (Paulus se briewe aan die Korintiërs, Efe-siërs en Kolossense). Die briewe van Paulus en die ander apostels herinner ons gedurig hieraan.

- d) Daar is 'n noodsaak vir ywer in ons susterkerkverhouding met die GKNv. Deputate het in hul voorlegging aan die sinodes van Zuidhorn en Amersfoort hul bekommernis uitgespreek toe hulle verwys het na die verslae oor die vierde gebod, huwelik en egskedding, die besluit oor die seëngroet soos gegee deur 'n nie-ouderling, die liturgiese veranderinge en voorstelle daarvoor, insluitende die wydverspreide gebruik van nuwe gesange, sowel as die besluite oor die kapelaanskap en viering van die Heilige Nagmaal in oorlogsgebiede. Ons het hieroor ons besorgdheid bekend gemaak. Hierdie ywer moet bly voortbestaan ooreenkomstig die reëls vir susterkerkverhoudings.
- e) Deputate het daarop gewys dat volgehoue ywer in die gesprekvoering oor die ontwikkelings en tendense in die GKNv goeie resultate opgelewer het. Dit moet voortgesit word. Want daar bly sekere tendense in ons Nederlandse susterkerke wat kommer wek. Die saak van kerklike tug en onderlinge opsig tussen die kerke vra ook om nadere inligting aangesien tug van kerkrade en kerke onder mekaar getuienis sal verskaf van gehoorsaamheid aan of afwyking van die amptelike standpunte van die sinode.
- f) Die Skrif leer dat 'n boom aan sy vrugte geken word en daarom sal die trou van die GKNh en die GKNv met verloop van tyd sigbaar word. Intussen moet ons broeders in die GKNh aanspoor om die oordeel aan God oor te laat.

Die sinode het besluit:

Ons kan nie op hierdie oomblik

positief antwoord op die versoek van die GKNh om hulle te erken as ‘*die wettige voortsetting van die Gereformeerde Kerken in Nederland*’ nie.

Gronde vir die besluit:

soos besluit op Sinode Rockingham 2003, verklaar die FRCA dat die GKNv ‘*bewys lewer van volgehoue trou.*’ Terselfdertyd wil die FRCA ‘*samesprekings hou en bly hou met die GKNv deputate oor besorgdheid ten opsigte van die ontwikkeling binne die GKNv, soos geskets en aanbeveel in die verslag van deputate.*

Die Sinode het ook besluit om:

- nie aan die versoek te voldoen om ‘n susterkerkverhouding met die GKNh aan te gaan nie. Grond: Omdat ons hulle nie as die voortsetting van die GKNv kan erken nie, kan ons nie ‘n susterkerkverhouding met hulle hê nie,
- amptelike kontak met die GKNh te behou, sodat ons aan ‘n versoening tussen hulle en die GKNv kan werk, op die basis van waarheid en liefde.

Gronde vir die besluite:

- a) Ons hoor in die stemme van die broeders van die GKNh ‘n sterk verlange om gereformeerd te bly. ‘n Mens kan nie anders as om hierdie verlange te respekteer nie. Derhalwe moet ons kontak met hulle behou, sodat ons met hulle kan praat en kan aanhou om hulle, sowel as ons Nederlandse susterkerk, aan te spoor om versoening te bewerk op die basis van waarheid en liefde.
- b) Ongemagtigde kerkskeuring is teen Christus se gebed vir eenheid en ons moet dit in hierdie kontakte aanspreek.
- c) Besoeke kan aan die GKNh gebring word op dieselfde tyd as die algemene sinodes van ons susterkerke.
- d) Daar is diegene in die GKNv wat eenderse bekommernisse het en dit openlik en publiek bekend gemaak het.
- e) Die GKNh het in 2003 afgeskei. Baie het intussen gebeur. Daar is ‘n behoefte aan opgedateerde inligting, veral na Sinode Amersfoort

en sy besluite, insluitend sy pogings om die amptelike kontakte te heropen. Ook moet ons die huidige sinode van die GKNh in ag neem.

Die Sinode besluit ten slotte :

dat die sinode sal reageer op die brief van die GKNH. Gronde: Eers na ‘n besluit deur die sinode gemaak is, kan ‘n amptelike antwoord gestuur word. Die sinode behoort so ‘n amptelike antwoord aan die GKNH te stuur in ooreenstemming met hul besluit.

Oor die Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)

Die deputate vir kontak met die Reformed Churches of New Zealand (RCNZ) het opdrag van die vorige sinode gekry om vas te stel in watter mate die driehoekverhouding met die Christian Reformed Churches of Australia ‘n belemmering is om ‘n volle susterkerkverhouding met die RCNZ aan te gaan. Deputate het hierdie opdrag tot die sinode se tevredenheid voltooi. Die sinode het die begeerte van die FRCA uitgespreek om ‘n susterkerkverhouding met die RCNZ aan te gaan, maar het bevestig wat vorige sinodes verklaar het, naamlik dat die RCNZ se verhouding met die Christian Reformed Churches of Australia ‘n belemmering vir ons is om ‘n susterkerkverhouding met die RCNZ aan te gaan.

Die sinode het besluit om kerkrade aan te moedig om kennis te neem van en te handel volgens die sinode se positiewe houding teenoor die RCNZ in verband met praktiese hulp en interaksie waar dit nie beperk word tussen susterkerke alleenlik nie. Byvoorbeeld, aanvraag vir lidmaatskap van ‘n voormalige lid van die RCNZ, sake rakende die sendingsveld en teologiese en Christelike opleiding en onderwys.

Oor die Presbyterian Churches of Eastern Australia (PCEA)

Die sinode het besluit om kontakte met die PCEA te staak, want na meer as ‘n dekade van samesprekings met hulle, is daar geen vordering in die gesprekke gemaak nie. □

Eienaar en uitgewer:

Stigting Woord en Wandel

G de Jager (voorsitter)

BJ Kamphuis

A Bron (sekretaris)

Tel. (012) 332-0943

E-pos (Stigting):

berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:

Printburo

Tel. (012) 335-9134

Redaksie:

Greet de Vries

Hans Moes

Petro Hofsink

Juul Douma

Redaksieadres:

e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14

Oakglen

Bellville 7530

Tel. (021) 919-5176

Nederland:

Mev. H van de Weide

Oldenkottebrink 60

7544 LP Enschede

Tel. (053) 478 4561

Administrasie:

Mev. G van der Meulen

Posbus 31195

Waverley 0135

Tel. (012) 332-3639

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel

Nedbank Gezina

Takkode: 16 03 45

Rek. nr: 1603 031 820

Vermeld asb.

u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):

E-pos RSA R40

Buiteland €10

RSA per hand R90

per pos R100

Buiteland:

Seepos €30

Lugpos €40

